

DIE ANKERTOU SAL HOU!!



Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie. – Matt. 14:27

INLEIDING

An die profeet Jesaja was getoon dat in die laaste dae sal "sewe vroue een man aangegryp en sê: **Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg.** – Jes. 4:1. Wat beteken dit alles? Laat ons elke simbool definieer en dan die vers met begrip herlees. Die nommer 7 is simbolies van volkommenheid, totaliteit of perfeksie in die Skrif. 'n Vrou in die Bybel is dikwels simbolies van die Kerk (vgl. Jeremia 6:2). Die een man is natuurlik Jesus Christus (vgl. Joh. 19:5). Brood eet, simboliseer deelname aan die Woord van God (vgl. Jeremia 15:16; Joh. 6). So, om ons eie brood te eet, is

om op ons eie teorieë en leerstellings te voed in plaas van die suiwer waarheid van die Woord van God. Klere verteenwoordig geregtigheid; skoon, wit klere verteenwoordig Christus se geregtigheid. Vuil klere verteenwoordig ons eie geregtigheid en werke (vgl. Openb. 19:8; Jes. 64:6; Rom. 10:3; Sag. 3:1-7). Die Een Man se naam is Christus en diegene wat Sy naam aanneem, noem hulself Christene (vgl. Tim. 2:19; Ex. 20:7).

Kom ons lees die vers nou weer: **In dié dag sal sewe vroue** (die belydende Christen-kerke van ons dag) **een man aangryp** (Jesus Christus) **en sê: Ons eie brood sal ons eet** (dit is, ons sal ons eie geregtigheid ontwerp en daarop vertrou); **laat net jou naam oor ons** (Christene) **genoem word, neem ons smaadheid weg.**

In hierdie profesie waarsku God ons teen 'n groot wegdraai van Bybelwaarhede vir 'n dooie, vormagtige geloofsbelydenis met geen krag om die lewe te vernuwe nie. In antwoord op die vraag, **Wat is die teken van U wederkoms en van die voleinding van die wêreld?** Dit het Christus gesê: **Pas op dat niemand julle mislei nie.** – Matt. 24:34. Een van die grootste misleidings van ons dag is daardie vorm van godsdiens wat mense lei om te glo dat hulle ware, wedergebore Christene is, terwyl hulle in werklikheid die lewe van 'n ongelowige leef.

Saamgestel deur: dr. Hans Koen

Sel: 076 689 9246.

e-pos: stellie.hans@gmail.com

DIE TYD VAN BENOUDHEID

Die volk van God sal dan in daardie tonele van lyding en ellende wat deur die profeet beskryf word as die tyd van Jakob se benoudheid gedompel word. God se beloftes sal Sy volk versterk net soos Sy vroeëre belofte Jakob versterk het. Oordink wat die volgende drie profete van die komende benoudheid, insluitend Jakob se benoudheid, gesê het: Jesaja het aangedring: **Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe. Kruip 'n rukkieweg totdat God klaar is met straf. Want kyk, die Here sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die**

bewoners van die aarde oor hulle te besoek. - Jes. 26:20,21. Jeremia het bemoedig: **Daar wag ellende! Dit is 'n vreeslike dag, sonder gelyke. Dit is 'n tyd van swaarkry vir Jakob, maar hy sal daaruit gered word.** - Jer. 30:7. Daniël stem saam: **En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word.** - Dan. 12:1. Laat niemand dus ontmoedig word met die oog op die swaar beproewinge wat in die tyd van Jakob se benoudheid tegemoet gegaan sal word nie.

Jakob se nag van benoudheid, toe hy in gebed geworstel het vir verlossing uit die hand van Esau, is 'n voorstelling van wat God se volk sal deurmaak in die tyd van benoudheid (Gen. 32:24-30). Weens die bedrog wat hy gepleeg het om die seën van sy vader te verkry wat vir Esau bedoel was, moes Jakob vir sy lewe vlug, omdat hy bang was vir die vreeslike dreigemente van sy broer. Nadat hy baie jare in ballingskap deurgebring het, het hy op God se bevel die terugreis met sy vrouens en kinders, klein- en grootvee na sy geboorteland onderneem. Toe hy die grense van die land bereik, is hy met vrees vervul deur die tyding van Esau se aantog aan die hoof van 'n kommando, ongetwyfeld met die doel om wraak te neem. Jakob se gevolg, ongewapend en weerloos, sou, soos dit geskyn het, die magtelose slagoffers van geweld word. En by hierdie groot ang en vrees het nog die verpletterende gewig van selfverwyt gekom; want dit was sy eie sonde wat hom in hierdie gevaar gebring het. Sy enigste hoop was op die genade van God; sy enigste verdediging moes hy nou in gebed soek. Maar hy het niks nagelaat wat hy kon doen om die onreg aan sy broer goed te maak en om die dreigende gevaar af te weer nie. So ook moet die navolgers van Christus, namate hulle die tyd van benoudheid nader, alles in hulle vermoë doen om hulleself in die regte lig voor die mense te stel, vooroordeel te verwyder en die gevaar wat hulle gewetensvryheid bedreig af te weer.

Nadat hy sy gesin weggestuur het, sodat hulle nie sy ellende mag aanskou nie, het Jakob alleen agtergebly om by God te pleit.

Hy het sy sonde bely en met dankbaarheid die genade wat God aan hom bewys het, erken, terwyl hy met die grootste ootmoed die Here herinner het aan die verbond met sy vaders, asook die beloftes wat aan hom gemaak

is in daardie naggestig te Bet-el en in die land van sy ballingskap. Die krisis van sy lewe het gekom; alles was op die spel. In die duisternis en eensaamheid bid en verneder hy hom steeds voor God. Skielik word daar 'n hand op sy skouer geplaas. Hy dink dat dit 'n vyand is wat hom wil doodmaak en met wanhopige krag worstel hy met sy aanvaller. Toe die dag begin breek, het die vreemdeling bomenslike krag gebruik; nou het dit geskyn of die sterk man verlam is en hy val voor sy geheimsinnige teenstander neer, 'n hulpelose, wenende smeker. Jakob het nou besef dat dit die Verbondsengel is met wie hy worstel. Hoewel hy magteloos was en die grootste pyn gely het, het hy nie moed opgegee nie. Lank het hy lyding, gewetenswroeging en moeilikheid verduur vir sy sonde; nou moet hy die versekering kry dat dit vergewe is. Dit het gelyk asof die Goddelike Besoeker wou vertrek; maar Jakob het hom vasgehou en om 'n seën gesmeek. Die engel sê: **Laat my gaan, want die dag het gebreek**, maar die patriarg roep uit: **Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën**. - Gen. 32:26.

Watter vertrou, watter onwrikbaarheid en volharding sien ons hier! As dit 'n vermete, aanmatigende eis was, sou Jakob oombliklik gedood gewees het; maar dit is gedoen met die versekering van een wat sy swakheid en onwaardigheid bely het, maar wat nogtans op die genade van 'n Verbondsgod vertrou het.

Hy het met die engel geworstel en die oorhand gekry. - Hos. 12:5. Deur verootmoediging, berou en selfoorgawe het hierdie sondige, dwalende sterweling die oorhand gekry by die Majesteit van die hemel. Met bewende hande het hy die beloftes van God aangeneem en die hart van Ewige Liefde kon nie die gesmeek van die sondaar afwys nie. As bewys van sy oorwinning en as bemoediging vir ander om sy voorbeeld na te volg, is sy naam verander van 'n naam wat hom gedurig aan sy sonde herinner het, tot een wat 'n gedenknaam van sy oorwinning was. En die feit dat Jakob die oorhand gekry het by God was ook 'n versekering dat hy die oorhand sou kry by mense. Hy was nie langer bang vir sy broer se woede nie; want die Here was sy beskutting.

Satan het Jakob voor die engele van God beskuldig en aanspraak gemaak op die reg om hom weens sy sonde te vernietig; hy het Esau beweeg om teen

hom op te trek en gedurende die patriarg se lang nag van worsteling wou Satan 'n besef van sy skuld aan hom opdring ten einde hom te ontmoedig en om hom van God los te maak. Jakob was byna tot wanhoop gedryf, maar hy het besef dat hy sonder hemelse hulp sou vergaan. Hy het opregte berou gehad oor sy groot sonde en hy het hom op die genade van God beroep. Hy kon nie van sy doel afgedwing word nie en het die engel vasgehou en met ernstige angskrete gebid tot hy oorwin het.

Net soos Satan Esau beïnvloed het om teen Jakob op te trek, so sal hy ook die goddelose opwek om God se volk in die tyd van benoudheid te vernietig. En net soos hy Jakob beskuldig het, sal hy ook beskuldigings teen God se volk inbring. Hy beskou die aardbewoners as sy onderdane; maar die klein klompie wat God se gebooe hou, weerstaan sy heerskappy. As hy hulle maar net van die aarde kon uitdelg, sou sy oorwinning volkome wees. Hy sien dat heilige engele hulle beskerm en daaruit lei hy af dat hulle sondes vergewe is; maar hy weet nie dat hulle sake reeds in die heiligdom daarbo afgehandel is nie. Hy het 'n noukeurige kennis van al die sondes waartoe hy hulle verlei het en die stel hy baie vergroot aan God voor en hy voer aan dat hierdie mense in dieselfde mate as hy verdien om van God se guns uitgesluit te word. Hy voer aan dat God nie in regverdigheid hulle sondes kan vergewe, terwyl God hom en sy engele verdelg nie. Hy maak op hulle as sy prooi aanspraak en hy eis dat hulle in sy hande oorgegee word, sodat hy hulle kan vernietig.

Terwyl Satan die volk van God aankla weens hulle sondes, laat die Here hom toe om hulle tot die uiterste toe te beproef. Hulle vertrou in God, hulle geloof en standvastigheid sal swaar beproef word. As hulle aan die verlede dink, sak hulle hoop; want in hulle hele lewe kan hulle nie veel goeds sien nie. Hulle is volkome bewus van hulle swakheid en onwaardigheid. Satan probeer om hulle bang te maak met die gedagte dat hulle saak hopeloos is en dat hulle besoedeling nooit uitgewis kan word nie. Hy hoop om hulle geloof te vernietig, sodat hulle sal toegee aan sy versoekings en hulle trou aan God sal versaak.

Ofskoon God se volk omring is van vyande wat op hulle vernietiging uit is, is die angs wat hulle deurmaak egter nie 'n vrees vir vervolging oor die waarheid nie, hulle vrees dat daar 'n sonde mag wees wat hulle nie versaak

het nie en dat hulle deur die een of ander eie-fout nie die volgende belofte van die Heiland verwesenlik sal sien nie. **Ek [sal] jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom.** - Openb. 3:10. As hulle maar net die versekering van vergifnis kon hê, sou hulle nie terugdiens vir marteling of die dood nie, maar as hulle onwaardig bevind word en hulle lewens moet prysgee weens hulle eie karaktergebreke, sou God se heilige Naam gesmaad word.

Aan alle kante hoor hulle van sameswerings tot verraad en sien hulle rebellie: in hulle ontstaan daar 'n sterk begeerte, 'n sielsverlange, dat die groot afval tot 'n einde moet kom en dat daar 'n einde aan die goddelose en goddeloosheid gemaak moet word. Maar terwyl hulle God smeek om die werk van rebellie teen te hou, doen hulle dit met 'n diepe besef van selfverwyt dat hulle op sigself nie meer krag het om die magtige vloedgolf van boosheid te weerstaan en terug te slaan nie. Hulle voel dat as hulle altyd al hulle vermoëns aan die diens van Christus bestee het en van krag tot krag voortgegaan het, die magte van Satan minder in staat sou wees om hulle te oorwin.

Hulle verootmoedig hulle siele voor God, terwyl hulle verwys na die berou van hulle sondes in die verlede en aanspraak maak op die Heiland se belofte: **Hulle moet my beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak.** - Jes. 27:5. Hulle versak nie hulle geloof, omdat hulle gebede nie onmiddellik verhoor word nie. Hoewel hulle in die grootste angs, vrees en ellende verkeer, staak hulle nie hul voorbidding nie. Hulle neem die krag van God beet net soos Jakob die engel beetgeneem het en die taal van hulle hart is: **Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.** - Gen. 32:26.

As Jakob hom nie voorheen bekeer het van sy sonde van bedrog in verband met die geboortereg nie, sou God nie sy gebed verhoor en sy lewe gespaar het nie. So ook in die tyd van benoudheid; as daar sondes teen God se volk staan wat nie bely is nie, terwyl hulle in die tyd van benoudheid deur vrees en angs gefolter word, sou hulle oorweldig word; wanhoop sou hulle geloof vernietig en hulle sou geen vrymoedigheid hê om tot God om verlossing te bid nie. Maar terwyl hulle 'n diepe besef van hulle onwaardigheid het, is daar nie bedekte sondes wat geopenbaar moet word nie. Hulle sondes het

vooruitgegaan na die gereg en dit is uitgedelg; dit kan nie weer in herinnering gebring word nie.

Satan bring mense daartoe om te glo dat God hulle ontrouheid in die klein dingetjies sal oorsien; maar in Sy handeling met Jakob het die Here getoon dat Hy geensins sondes sal toelaat of duld nie. Almal wat probeer om hulle sondes te bedek of verskoning daarvoor te maak en wat daardie sondes in die boeke van die hemel laat bly, dit nie bely en nie vergewe word nie, sal deur Satan oorwin word. Hoe groter hulle lig is, hoe meer verhewe die posisie wat hulle beklee, hoe ernstiger beskou God hulle sondes en hoe sekerder die oorwinning van hulle groot vyand. Diegene wat nalaat om voor te berei vir die dag van God, sal dit nie kan doen in die tyd van benoudheid of enige tyd daarna nie. Die sake van al diesulkes is hopeloos.

Daardie belydende Christene wat onvoorbereid in die laaste, groot stryd kom, sal in hulle wanhoop hulle sondes in die grootste angs bely, terwyl die goddelose hulle oor hulle ellende verheug. Hulle belydenis van die sonde is van dieselfde soort as die van Esau en Judas. Diegene wat die belydenis doen, is jammer oor die gevolge van hulle oortreding, maar nie oor hulle sonde self nie. Daar is nie ware berou en geen afsku van die sonde nie. Hulle bely hulle sonde uit vrees vir die straf, maar, soos Farao van ouds, sou hulle weer hulle uitdagende houding teen die hemel aanneem as die oordele van God verwyder sou word.

Jakob se geskiedenis is 'n versekering aan ons dat God nie diegene wat bedrieg, versoek en tot die sonde verlei is, maar wat in ware bekering tot Hom terugkeer, sal verwerp nie. Terwyl Satan trag om hierdie klas te vernietig, sal God Sy engele stuur om hulle te vertroos en in die tyd van gevaar te beskerm. Die aanslae van Satan is woedend en vasberade en sy verleidings is ontsettend; maar die oog van die Here is oor Sy volk en Sy oor hoor hulle roepstem. Hulle lyding is groot; dit skyn of die vlamme van die smeltkroes hulle wil verswelg, maar die Een wat hulle louter, sal hulle te voorskyn bring soos goud wat deur vuur beproef is. God se liefde vir Sy kinders gedurende die tyd van hulle grootste beproewing is net so sterk en teer as in die dae van hulle grootste voorspoed; maar dit is nodig dat hulle

deur die smeltkroes moet gaan; hulle aardse skuim moet verteer word en hulle moet die beeld van Christus volkome weerkaats.

Die tyd van ellende en angs wat voor ons is, vereis 'n geloof wat vermoënis, vertraging en honger sal verduur - 'n geloof wat nie sal verflou nie hoe heftig die beproewing ook is. Die genadetyd word aan almal toegestaan om hulle vir daardie tyd voor te berei. Jakob het oorwin, omdat hy volhardend en vasberade was. Sy oorwinning is 'n bewys van die krag van volhardende gebed. Almal wat, soos hy, aanspraak maak op God se belofte en wat so ernstig en volhardend is as hy, sal oorwin soos hy oorwin het. Diegene wat onwillig is om die eie-ek te verloën, om in sielsangs tot God te bid en lank en vurig om Sy seën te smeek, sal dit nie verkry nie. Worstel met God - hoe min is daar wat weet wat dit beteken! Hoeveel is daar wat met hulle hele hart en met die vurigste begeerte en met alle kragte tot God bid? Wanneer golwe van wanhoop, wat nie in woorde beskryf kan word nie, teen die smeker slaan, hoeveel is daar wat met 'n onwrikbare geloof aan die beloftes van God sal vasklem?

Diegene wat nou min geloof het, loop gevaar om onder die invloed van sataniese bedrog, asook die dekreet om die gewete te dwing, te beswyk. En selfs as hulle die toets kan deurstaan, sal hulle in die tyd van benoudheid in nog groter angs en ellende gedompel word, omdat hulle nie die gewoonte aangekweek het om op God te vertrou nie. Die lesse van geloof wat hulle verwaarloos het, sal hulle onder vreeslike druk van ontmoediging moet leer. Ons behoort God nou te leer ken deur Sy beloftes te beproef. Die engel skryf elke ernstige en opregte gebed op. Ons behoort liever die bevrediging van die eie-ek te versak as om kameraardskap met God te verwaarloos. Die grootste armoede, die grootste selfverloëning is met God se seën beter as rykdom, eer, gemak en vriende sonder Sy goedkeuring. Ons moet tyd neem om te bid. As ons toelaat dat ons harte deur wêreldse belange in beslag geneem word, kan die Here ons tyd gee deur ons afgode van goud, of huise, of vrugbare landerye van ons af weg te neem.

Die jongmense sal nie tot sonde verlei word as hulle sou weier om enige ander pad te bewandel as die een waarop hulle God se seën kan vra nie. As die boodskappers wat die laaste, plegtige boodskap aan die wêreld gee om

die seën van God sou bid, nie op 'n kille, lustelose en luie manier nie, maar vurig en in geloof soos Jakob, sou daar baie gevalle wees waar hulle kan sê: **Ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.** - Gen. 32:30. Die hemel sou hulle beskou as prinse wat krag by God en by die mense het.

Die **tyd van benoudheid soos daar nie gewees het nie**, Dan. 12:1, sal binnekort aanbreek en daarvoor sal ons 'n ondervinding nodig hê wat ons nie nou het nie en wat vele te lui is om te verkry. Dikwels is dit die geval dat moeilikheid wat ons verwag, groter skyn as wat dit werklik is; maar dit is nie die geval met die krisis voor ons nie. Die treffendste woorde sal nie die grootheid van die benoudheid kan beskryf nie. In daardie tyd van beproewing sal elke siel alleen voor God moet staan. **Al was Noag, Daniël en Job daarin**, naamlik in die land, **so waar as Ek leef, spreek die Here Here**, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red. - Eseg. 14:20. Nou, terwyl ons groot Hoëpriester vir ons versoening doen, behoort ons na volmaaktheid in Christus te streef. Ons Heiland het self nie deur 'n enkele gedagte aan die krag van versoeking toegegee nie. In menslike harte vind Satan die een of ander plekkie waar hy kan vatkans kry; die een of ander gekoesterde, sondige begeerte waardeur hy sy versoekings kan laat werk. Van Homself het Christus gesê: **Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie.** - Joh. 14:30. Satan kon niks in die Seun van God vind waardeur hy die oorwinning kon behaal nie. Hy het Sy Vader se gebooie bewaar en daar was geen sonde in Hom wat Satan tot sy voordeel kon gebruik nie. Dit is die toestand waarin diegene moet verkeer wat in die tyd van benoudheid staande wil bly.

Dit is in hierdie lewe dat ons die sonde moet versaak deur geloof in die versoenende bloed van Christus. Ons dierbare Heiland nooi ons om ons by Hom te voeg, ons swakheid met Sy krag, ons onkunde met Sy wysheid en ons onwaardigheid met Sy verdienstes te verenig. Die voorsienigheid van God is die skool waarin ons die nederigheid en ootmoed van Jesus moet leer. Die Here stel gedurig voor ons, nie die weg wat ons graag kies nie - die aangename en makliker weg nie - maar die ware doel van die lewe. Dit hang van ons af of ons met die werktuie wat die Hemel gebruik in die werk om

ons karakters volgens die Goddelike model te vorm, sal saamwerk. Niemand kan hierdie werk nalaat of afstel sonder die grootste gevaar vir sy siel nie.

In 'n gesig het die apostel Johannes 'n luide stem in die hemel hoor uitroep: **Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duivel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.** - Openb. 12:12. Vreeslik is die tonele wat die hemelse stem hierdie woorde laat uitroep het. Namate die tyd van Satan korter word, neem sy woede toe en sy werk van bedrog en verwoesting sal 'n hoogtepunt in die tyd van benoudheid bereik.

Vreeslike verskynsels van 'n bonatuurlike aard sal eerlank in die hemele as 'n teken van die wonderwerkende mag van duiwels geopenbaar word. Die geeste van duiwels sal na die konings van die aarde en die hele wêreld gaan om hulle te bedrieg en hulle oor te haal om met Satan in sy laaste poging teen die regering van die hemel te verenig. Deur hierdie werktuie word sowel regeerders as onderdane bedrieg. Daar sal persone verskyn wat sal voorgee dat hulle Christus self is en hulle sal aanspraak maak op die titel en aanbidding wat die wêreld se Verlosser alleen toekom. Hulle sal wonderwerke van gesondmaking verrig en hulle sal voorgee dat hulle openbarings uit die hemel ontvang het wat die getuienis van die Skrifte weerspreek.

As kroningstoneel in die groot drama van bedrog sal Satan hom voordoen as Christus. Lank reeds het die Kerk na die koms van die Heiland as die verwesenliking van haar hoop uitgesien. Die groot bedrieër sal dit nou laat skyn asof Christus werklik gekom het. In verskillende dele van die wêreld sal Satan homself onder die mense openbaar as 'n majestueuse wese van skitterende heerlikheid wat voldoen aan die beskrywing van die Seun van God soos deur Johannes in Openbaring 1:13-15 gegee. Die heerlikheid waarmee hy omring is, is onoortreflik - sterweling het nog nooit so iets aanskou nie. 'n Triomfkreet weergalm deur die lug: "*Christus het gekom! Christus het gekom!*" Die mense val in aanbidding voor hom neer, onderwyl hy sy hande ophef en 'n seën op hulle uitspreek net soos Christus Sy dissipels geseën het toe Hy op aarde was. Hy het 'n sagte, dog soetklinkende stem. In sagte, medelydende woorde verkondig hy sommige

van dieselfde heerlike, hemelse waarhede wat die Heiland gespreek het; Hy genees die siektes van die mense en dan, in Sy aangenome karakter van Christus, beweer hy dat hy die Sabbat verander het na Sondag en hy gebied almal om die dag wat hy geseën het, heilig te hou. Hy verklaar dat diegene wat volhard in die heiliging van die sewende dag sy naam laster deur te weier om te luister na sy engele wat hy met lig en waarheid gestuur het. Dit is die groot, byna onweerstaanbare bedrog. Net soos die Samaritane wat deur Simon, die towenaar, bedrieg is, luister die skare, groot en klein, na hierdie towery en hulle sê: **Hy is die groot krag van God.** - Hand. 8:10.

Maar die volk van God sal nie mislei word nie. Die leerstellings van hierdie valse Christus stem nie ooreen met die Skrifte nie. Sy seën word uitgespreek op die aanbidders van die dier en sy beeld, juis die klas op wie, volgens die Bybel, God se ongemengde wraak uitgestort sal word.

En wat meer is, Satan word nie toegelaat om die wyse van Christus se koms na te maak nie. Die Heiland het Sy volk gewaarsku teen bedrog op hierdie punt en Hy het die wyse van Sy koms duidelik voorspel: *Daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moet nie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.*"- Matt. 24:24-27. (Kyk ook Matt. 24:31; 25:31; Openb. 1:7; 1 Thess. 4:16,17). Dit is onmoontlik om hierdie koms na te boots. Dit sal oor die hele wêreld bekend wees - deur almal gesien word.

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrifte is en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die verskriklike bedrog wat die wêreld sal oorval. Deur die getuïenis van die Bybel sal hulle die bedrieër in sy vermomming herken. Almal sal getoets word. Deur versoeking sal die opregte Christen geopenbaar word. Is die volk van God nou so onbeweeglik gevestig op God se Woord dat hulle nie sal toegee aan die getuïenis van hulle sintuie nie? Sal hulle in so 'n krisis vasklem aan die Bybel, en die Bybel alleen? Indien moontlik, sal Satan hulle verhinder om

die voorbereiding te maak, sodat hulle in daardie dag staande kan bly. Hy sal sake so reël dat hulle weg versper word; hy sal hulle verstriek met aardse skatte, hulle swaar en vermoeiende laste laat dra, sodat hulle harte beswaar kan word met die sorge van hierdie lewe en dat die dag van beproewing hulle soos 'n dief kan oorval.

Die tyd van Jakob se benoudheid sal elkeen toets en die ware Christen van die een wat dit slegs in naam is, onderskei.

Ellen G. White: *The Great Controversy*, pp. 616 - 626.

DIE TYD VAN BEPROEWING

Die tyd van beproewing begin as Jesus Sy priesterlike pligte in die howe Bo voltooi het. **En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.** - Daniël 12:1. Dankie tog, die gedeelte eindig met 'n wonderlike belofte dat God Sy volk sal red wanneer Jesus na die aarde terugkeer.

Ons doel om die tyd van beproewing in oënskou te neem, is nie om vrees in te boesem nie, maar eerder om tot hoop en vertroue te besiel dat God gewillig en bekwaam is om na Sy eie om te sien. Meer nog, ons wil die geheim van die gelowiges se oorwinning oor die magte van die bose teen die einde van tyd uitvind. Dit sal ons van oorwinning in hierdie ergste tyd van die aarde se geskiedenis verseker.

Ons weet dat redding slegs deur geloof in Christus se reddende verdienste alleen kom. God se volk besef hulle skuld en onwaardigheid en nou vertrou hulle in Sy vergifnis om hulle tekortkominge te bedek. Hulle besef hulle Here se barmhartige karakter en het geleer om Hom te vertrou soos 'n kind

'n liefdevolle vader vertrou. Let op dat dit hierdie ondervinding is wat hulle voorberei om die tyd van beproewing te trotseer. "Wanneer die derde engel se boodskap afgesluit word, sal daar nie meer genade vir die skuldige aardbewoners wees nie. Die volk van God het hulle werk gedoen. Hulle het die "laat reëns," **tye van verklikking van die aangesig van die Here**, Hand. 3:19, ontvang en hulle is vir die beproewingsuur voor hulle voorberei." - *The Great Controversy*, p. 613.

Die Skrif verwys ook na dié tyd van beproewing as '**n tyd van benoudheid vir Jakob**. - Jeremia 30:7. Jakob se nag van benoudheid, toe hy in gebed geworstel het vir verlossing uit die hand van Esau, is 'n voorstelling van wat God se volk in die tyd van beproewing sal deurmaak. - Gen. 32:24-30.

Die Groot Stryd bied ons 'n "toneel-na-toneel" verslag van Jakob se ondervinding, sowel as die van die gelowiges in die eindtyd. Ons sal kortliks na die hoogtepunte tussen die twee ondervindings kyk. (Die bladsyverwysings in *The Great Controversy* word voorsien.) Deur die twee ondervindings te vergelyk, sal ons beter in staat wees om te sien op welke wyse albei oorwinning verkry het.

Jakob se ondervinding

- Satan wek Esau se woede teen hom op (p. 616).
- Jakob lei intense angs, vrees en selfverwyt oor sy sondigheid (p. 616).
- Hy ontdek dat sy enigste hoop in die barmhartigheid van God is en dat sy enigste verdediging gebed is (p. 616).
- Die patriarg doen alles in sy vermoë om sy verkeerde daade reg te maak en die gevaar af te weer (p. 616).
- Alleen voor God bely hy sy sonde en erken dankbaar God se barmhartigheid (pp. 616, 617).
- In diepe nederigheid pleit hy die beloftes van die verbond wat God met hom en sy vaders gesluit het (p. 617).
- Hy worstel met 'n geestelike mag wat hy dink 'n aanvaller is (p. 617).
- Jakob ontdek dat dit in werklikheid Christus is (p. 617).
- Hy soek van Christus die herversekering dat hy vergewe is (p. 617).

- Laastens het hy die Engel vasgehou, pleitende vir die seën van vergifnis (p. 617).

Die Gelowiges se ondervinding

- Satan wek die goddeloses teen hulle op (p. 618).
- Satan bring hulle sondes voor God en die engele en eis die reg om hulle te vernietig (p. 618).
- Die Here laat toe dat hulle vertrouwe in Sy vergifnis tot die uiterste toe beproef word (pp. 618,619).
- Die gelowiges sien nie veel goeds in hulself soos hulle hul lewensverhale in oënskou neem nie (p. 619).
- Hulle is volkome bewus van hulle swakheid en onwaardigheid (p. 619).
- Satan probeer om hulle bang te maak met die gedagte dat hulle saak hopeloos is en dat hulle besoedeling nooit uitgewis kan word nie (p. 619).
- Die gelowiges vrees dat daar 'n sonde mag wees wat hulle nie versaaak het nie en dat hulle deur die een of ander eie-fout God se belofte om hulle te red, sal tot niet maak (p. 619).
- Hulle vrees dat hulle karaktergebreke God se heilige Naam sal skaad (p. 619).
- Die gelowiges voel 'n diepe besef van selfverwyrt (p. 619).
- Hulle verootmoedig hulle siele voor God, terwyl hulle verwys na die berou van hulle sondes in die verlede en aanspraak maak op die Heiland se belofte om te vergewe (p. 619).

Ons sien hier wat Jakob en die gelowiges in gemeen het – albei erken hulle sondigheid en onwaardigheid, maar pleit God se vergifnis ooreenkomstig die belofte van Sy verbond. Hier is hulle geheim tot oorwinning en bevryding.

Ons grootste behoefte in die eindtyd is om deur God verslaan/oorwin te word. Heel dikwels is dit ons geestelike trots in wat ons weet of wat ons vir God doen wat ons grootste hindernis tot “oorwinning” deur 'n volkome oorgawe aan Jesus is. Maar een ding is seker – òf ons sal deur die boodskap van totale vertrouwe in Christus se verdienste gebreek word, òf in die oordeel wanneer die hemel ons lewens in kontras tot daardie verdienste

sien, verpletter word. Soos Jakob, wanneer iemand probeer om ons te wys hoe ons beste pogings om 'n Christen te wees aan God se perfekte standaard te kort skiet, begin ons om teen die idee te stry asof dit van die vyand kom. Dit is slegs as die lering dat ons verlossing enkel en alleen deur regverdigmaking in Christus se verdienste verkry kan word ons vertrouwe in ons menslike pogings verlam, dat ons karakters sal verander en nederig en afhanklik gemaak sal word. Soos met Jakob, kan ons die oorwinning wat God begeer om vir ons te gee slegs deur die foltering van ons eie geestelike neerlaag besef. Slegs as ons oorwin deur die bloed van die Lam kwalifiseer ons om met Christus op Sy troon te sit (kyk Openb. 12:11; 3:21).

Daar is 'n groot bekommernis omtrent ons houding teenoor die tyd van benoudheid. Sommige sien dit nie as 'n ernstige saak nie, iets in die verskiet of miskien selfs iets wat nooit sal gebeur nie. Baie het 'n bykans verwaande/vermete leiding wat verklaar: "Ek sal nou leef soos ek wil en wanneer en as daardie tyd kom, sal God vir my sorg." Dit lei hulle om in die weë en sorg van die wêreld verstrengel te raak en beroof hulle van die tyd wat hulle nodig het om vir die einde voor te berei.

Die ander uiterste is die geestelike ingesteldheid wat vir homself/ haarself sê: "Ek sal nou werklik hard werk om so volmaak in my lewe en karakter te word, dat ek in staat sal wees om die tyd wanneer dit kom te kan deurstaan." Pessimisties, dit lyk of hulle somberheid en ondergang met elke asemteug versprei. Omdat hulle fokus op hulle eie volmaaktheid is, sal dit sekerlik beteken dat hulle nie voorbereid sal wees vir die moeilikheid wanneer dit kom nie.

My besorgdheid is dat ons nie die een of die ander van Satan se misleidings sal ten prooi val nie, maar ons fokus sal kry waar dit moet wees - op Jesus en Sy genadeverbond! Ons moet leer hoe om onvoorwaardelik in Christus se vergifnis te vertrou. Dit sal ons beskerm teen die selfverwyt wat van gevoelens van onwaardigheid en sondigheid kom. Deur intiem met Christus se vergifnis alleen bekend te wees, sal ons die sleutel tot oorwinning nou, sowel as gedurende die tyd van benoudheid, gee. Hierdie ondervinding van die beoefening van geloof is iets waarvoor ons nie tot die tyd van benoudheid moet wag om te verkry nie, maar moet nou daaraan deelneem ter voorbereiding vir die tyd van benoudheid.

Let op wat Ellen White sê sal gebeur met baie wat hulle voorbereiding uitstel: "Diegene wat nou min geloof het, loop gevaar om onder die invloed van sataniese bedrog, asook die dekreet om die gewete te dwing, te beswyk. En selfs as hulle die toets kan deurstaan, sal hulle in die tyd van beproewing in nog groter angs en ellende gedompel word, omdat hulle nie die gewoonte aangekweek het om op God te vertrou nie. Die lesse van geloof wat hulle verwaarloos het, sal hulle onder vreeslike druk van ontmoediging moet leer." - *The Great Controversy*, p. 622.

Satan probeer om ons te verhoed om 'n egte wandel met God te hê. 'n Ondervinding wat eersteprins omtrent Sy gewilligheid om te vergewe en te vergeet kennis dra. Hy bereik dit deur twee strategieë: Eerstens probeer hy ons verstand so met aardse dinge in beslag neem, sodat ons die tyd met God, wat nodig is om die ondervinding te verkry, verwaarloos. Ons probeer enigiets wat ons kan om die feit te vergeet dat ons sondig is en dat ons Christus se vergifnis nodig het. Maar omdat ons ongeneeslik godsdienstig is, maak ons steeds 'n belydenis van geloof. Ellen White skryf van sulke individue dat "hulle die een of ander middel moet hê om hulle gewetens te sus en hulle soek die middel wat die minste vernederend en geestelik is. Wat hulle begeer, is 'n metode waardeur hulle God kan vergeet, terwyl hulle dit voordoen as 'n metode waardeur hulle Hom onthou." - *ibid.*, p. 572. Rykdom, posisie, eer, opvoedkundige kwalifikasies, ontspanning en vermaak - wat dit ook al verg om ons beter omtrent onself te laat voel en die behoefte om berou te hê onderdruk, dit sal ons soek.

Maar God weet wat op ons wag en dat ons nie voorbereid is nie. So in barmhartigheid poog Hy om ons huidige gemak deurmekaar te krap in 'n poging om ons tot ons sinne te bring voor dit te laat is. " Ons behoort God nou te leer ken deur Sy beloftes te beproef. Die engel skryf elke ernstige en opregte gebed op. Ons behoort liever die bevrediging van die eie-ek te versak as om kameraadskap met God te verwaarloos. Die grootste armoede, die grootste selfverloëning is met God se seën beter as rykdom, eer, gemak en vriende sonder Sy goedkeuring. Ons moet tyd neem om te bid. As ons toelaat dat ons harte deur wêreldse belange in beslag geneem

word, kan die Here ons tyd gee deur ons afgode van goud, of huise, of vrugbare landerye van ons af weg te neem." - *ibid.*, p. 622.

Tweedens, die duiwel probeer om ons vertrou in die vergewende verdienste van Christus weg te lei deur ons te lei om vir die tyd van beproewing op 'n wettiese wyse voor te berei. Die idee is dat as ek volmaak genoeg kan wees wanneer die genadedeur sluit, dan sal ek nie die vergifnis van Christus gedurende die tyd van beproewing nodig hê nie. Dit is maklik om te sien hoe hierdie benadering ons vir mislukking, wat maak dat ons probeer om die behoefte aan Sy vergifnis te vermy, in plaas daarvan om in die lig daarvan te leef, voorberei.

Miskien sal hierdie tweede groep hulle in die grootste ellende gedurende die tyd van beproewing bevind. Of miskien sal hulle deel wees van daardie groep wat in hierdie verklaring beskryf word: "Toe God Sy teenwoordigheid eindelik aan die Joodse volk onttrek het, het die priesters en die volk dit nie beseef nie. Hoewel hulle onder beheer van Satan gestaan het en besiel was met die afskuwelikste en kwaadwilligste drifte, het hulle hulself nogtans beskou as die uitverkorenes van God." - *ibid.*, p. 615. Een ding is seker - teen die tyd wanneer hulle ten volle bewus is dat hulle nie volmaak is nie, maar steeds sondig, sal hulle òf inmekaar sak onder die realiteit van die feit òf probeer om dit deur hulle godsdienstige verwaandheid te ontken.

Wetties-gesindes behoort nou te leer, voor die genadedeur sluit, dat God nie absolute, perfekte prestasie/vervulling verwag nie, maar absolute vertrou in die verdienste van Christus om hulle **van die toekomstige toorn [te] verlos**. - 1 Thess. 1:10. Hulle moet die Goddelike beginsel leer dat hoe nader ons aan Jesus kom, hoe sondiger sal ons in ons eie oë wees. Hierdie beginsel is nie tydelik nie, maar ewig. Selfs gedurende ons intieme verhouding met Jesus in die hemel, sal ons 'n diepe bewustheid hê van die feit dat ons nie gered is as gevolg van enige verdienste binne-in onself nie, maar deur Sy genade.

Die ware kinders van God weet niks van neerlaag ly nie en kan nooit verslaan word nie. Hulle het geleer hoe om oorwinning oor hulself en hulle tekortkominge te kry deur die **bloed van die Lam**. - Openb. 12:11.

Hier is die sleutel om sowel nou as gedurende die laaste dae te oorwin. Dit is ware geestelike oorlogvoering - om ons sigbare tekortkominge met 'n onsigbare belofte te beveg. Dit sal nie met ons anders as met Jakob gebeur nie. "Satan wou 'n besef van sy skuld aan hom opdring ten einde hom te ontmoedig en om hom van God los te maak. Jakob was byna tot wanhoop gedryf, maar hy het besef dat hy sonder hemelse hulp sou vergaan. Hy het opregte berou gehad oor sy groot sonde en hy het hom op die genade van God beroep." - *ibid.*, p. 618.

Mag God ons die geestelike wysheid skenk wat ons in staat sal stel om met vrymoedigheid na die troon van die genade te gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. - Hebreërs 4:16.

Keavin Hayden: *Surviving The Shaking*, pp. 88 - 94.

Die Skudding en Sifting

Die geïnspireerde profeet praat simbolies van 'n skudding van God se volk: **D**Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie. - Amos 9:9.

En in 'n kritieke uur het die Here Jesus vir Petrus gesê: **Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie.** - Luk. 22:31,32.

Elke kind van God individueel, en die Kerk as 'n geheel, sal 'n spesiale toets van geloof ondergaan. Hierdie toets word die "skudding" of "sifting" genoem. Dit het in die verlede gebeur en sal naby die einde op 'n spesiale wyse herhaal word. Die vyand, wetende dat hy 'n kort tydjie het, sal met toenemende krag werk om soveel as moontlik afvallig te laat word.

"Skudding" of "sifting" is 'n figuurlike uitdrukking wat 'n besondere ervaring van seleksie en afvalligheid in die volk van God onderskei. As deel van die dors word graan in 'n sif geskud, sodat gebreekte korrels, doppe en vreemde voorwerpe deur die maasdraad val en die kaf word weggeblaas.

Soortgelyk, in die finale fase van die Kerk se geskiedenis, sal 'n skudding onder die lidmate van die Kerk plaasvind. Die basiese oorsake van die wegval sal die volgende wees:

1. Godsdienstige sorgeloosheid en onverskilligheid.
2. Vervolging as gevolg van die afdwing van die Sondagwette.
3. Versuim aan die kant van sommige om die boodskap van Christus aan die kerk van Laodicéa, 'n boodskap van belydenis en hervorming, te aanvaar.
4. Moedswillige oppervlakkigheid van kennis ten opsigte van Goddelike waarhede, sodat vals leerstellings mislei.

Een tragiese gevolg van die skudding, wat selfs nou aan die gang is en wat sal voortduur en toeneem, sal die afvalligheid van mense selfs in hoë posisies wees. Sekeres van hulle sal die grootste vyande van die waarheid en van God se volk word. Maar nie een wat 'n lewe van toewyding en van ware gemeenskap met God handhaaf, hoef vir hierdie proses bevreës te wees nie.

Beskrywing van die Proses. Volgens die geskifte van Ellen White is God nou besig om Sy volk te sif, hulle bedoelings en hulle motiewe te sif. Baie sal soos kaf wees - geen graankorrels, geen waarde in hulle nie.

Satan het met groot mag neergedaal om met alle bedrieglikheid van ongeregtheid in hulle wat verlore gaan te werk; en alles wat geskud kan word, sal geskud word en daardie dinge wat nie geskud kan word nie sal bly.

God is besig om Sy volk te sif. Hy sal 'n skoon en heilige Kerk hê. Ons kan nie die hart van 'n mens peil nie. Maar die Here het wyses voorsien om Sy Kerk suiwer te hou.

Ellen White sê: "n Engel wat in die middel van die hemelruim vlieg, het die standaard van Immanuel in my hande gesit, terwyl 'n magtige generaal met

'n harde stem uitgeroep het: 'Kom in gelid. Laat hulle wat lojaal is aan die gebooi van God en die getuieis van Christus nou hulle posisie inneem. Kom onder hulle uit en wees afgesonder en raak nie die onreine aan nie en Ek sal julle ontvang en vir julle 'n Vader wees en julle sal My seuns en dogters wees. Laat almal wat wil, na die hulp van die Here, na die hulp van die Here kom.'"

Oorsake

1. Sorgeloosheid en onverskilligheid

Omdat jy lou is. - Openbaring 3:16.

Ellen White sê: "My aandag was by die groep wat ek gesien het wat hewig geskud was. Daar is aan my hulle gewys wat ek voorheen in geestesangs huilende en biddende gesien het. Die groep beskermengele rondom hulle was verdubbel en hulle was met 'n wapenrusting van hulle kop tot hul tone bekleed. Hulle het in presiese volgorde soos 'n afdeling soldate beweeg. Hulle voorkoms het die hewige stryd wat hulle verduur het, vertoon; die kwellende stryd waardeur hulle is. Nogtans het hulle gelaatstrekke, met die merktekens van hewige, innerlike ang, nou met die lig en glorie van die hemel geglinster. Hulle het die oorwinning behaal en dit het van hulle die diepste dankbaarheid en heilige vreugde ontlok.

Die getal van die groep het verminder. Sommige is uitgeskud en langs die pad gelos. Die sorgeloses en onverskilliges, wat nie ingeskakel het by hulle wat die oorwinning en verlossing genoeg gewaardeer het om daarvoor te pleit en te worstel nie, het dit nie verkry nie. Hulle is in duisternis agtergelaat en hulle plekke is onmiddellik opgevolg deur ander wat die waarheid aangegryp en in die geleedere ingekom het. Bose engele het steeds om hulle saamgedrom, maar het geen mag oor hulle gehad nie.

Ek het gevra wat die groot verskil veroorsaak het. 'n Engel het geantwoord: 'Dit is die laat reën, die verkwikking van die teenwoordigheid van die Here, die harde stem van die derde engel.'"

2. Vervolging as gevolg van die afdwing van die Sondagwette

Dié woorde van Paulus sal letterlik vervul word: **Almal wat in Christus Jesus godvrugtig wil lewe sal vervolgd word.** - 2 Tim. 3:12. Soos die verdedigers van die waarheid weier om die Sondag as sabbat te eer, sal sommige in die

tronk gestop word, sommige sal verban word, sommige sal soos slawe behandel word.

Soos die storm nader kom, sal 'n groot groep, wat geloof in die derde engel se boodskap bely het, maar wat nie deur die gehoorsaamheid aan die waarheid geheilig is nie, hulle posisies verlaat en by die geledere van die vyand aansluit.

Die lidmate van die Kerk sal individueel getoets en beproef word. Hulle sal in omstandighede geplaas word waar hulle gedwing sal word om vir die waarheid te getuig. Baie sal gevra word om in geregshowe te getuig. Die ondervinding wat hulle in hierdie noodtoestand kon gehelp het, het hulle nagelaat om te verkry en hulle siele is met berou oor verlore geleenthede en verwaarloosde voorregte beswaard.

Spoedig sal God se mense deur swaar beproewings getoets word en die grootste gedeelte van hulle wat nou eg en waar voorkom, sal as onedel metale bewys word. In plaas daarvan om deur opposisie, dreigemente en mishandeling versterk te word, sal hulle lafhartig die kant van die teenstanders kies.

3. *Verwerping van die Laodicense-boodskap*

Maar nou, omdat jy lou is, sê Jesus, die Getroue Getuie, en nie koud of warm is nie, sal Ek jou uit My mond spuug. – Openb. 3:16. Hulle wat onverskillig bly en nie aan hierdie vermaning van Christus aandag gee nie, sal van die Kerk gedurende die skudding geskei word.

Ellen White sê: "Ek het na die betekenis van hierdie skudding gevra en was gewys dat dit veroorsaak sal word deur die eerlike raad van die Ware Getuie aan die Laodicense in herinnering te roep. Dit sal sy effek op die hart van die ontvanger hê en sal hom lei om die standaard te verhoog en die suiwer waarheid te spreek. Sommige sal nie hierdie eerlike verklaring verdra nie. Hulle sal daarteen opstaan en dit is wat 'n skudding onder God se volk sal veroorsaak."

4. *Oppervlakkige kennis wat veroorsaak dat baie deur vals leerstellings mislei word*

"Ek sal op die grond," sê Satan, "as my agente mense hê wat aan vals leerstellings, wat met net genoeg waarheid gemeng is, vashou om mense te mislei. Ek sal ook ongelowiges teenwoordig hê wat twyfel met betrekking tot die Here se waarskuwingsboodskap aan Sy Kerk sal uitspreek. As die mense hierdie waarskuwings/teregwysings sou lees en glo, sal ons min hoop hê om hulle te oorwin. Maar as ons hulle aandag van hierdie waarskuwings kan aflei, sal hulle onkundig bly ten opsigte van ons krag en geslependheid en ons sal hulle in ons geledere vasmaak."

Die dae kom vinnig nader dat daar groot verbouereerdheid en verwarring sal wees. Satan, geklee in die kleed van 'n engel, sal, indien moontlik, die uitverkorenes mislei. Daar sal baie gode en here wees. Elke leerstellige wind sal waai. Die Here het getroue dienaars wat in die tyd van toetsing en skudding geopenbaar sal word.

God se Gees het elke bladsy van die Heilige Skrif verlig, maar daar is hulle op wie dit weinig indruk maak, omdat dit onvoldoende verstaan is. Wanneer die skudding kom, deur die inbring van vals leerstellings, sal hierdie oppervlakkige lesers, wat nêrens geanker is nie, soos skuiwende sand wees.

Wanneer die wet van God ongeldig verklaar is, sal die Kerk deur hewige vervolging gesif word, sal 'n groter gedeelte as wat ons nou voorsien, aan verleidende geeste en leerstellings van duiwels aandag gee. In plaas daarvan om versterk te word wanneer hulle op gelyk plekke gebring word, bewys baie dat hulle nie lewende lote van die Ware Wingerdstok is nie, hulle dra geen vrugte nie en die Landbouer neem hulle weg.

Die tyd

Ellen White het gesê: "Ek het gesien dat ons nou in die tyd van skudding is. Die kragtige skudding het begin en sal voortduur en almal sal uitgeskud word wat nie gewillig is om 'n moedige en ontoegeeflike standpunt vir die waarheid in te neem en vir God en Sy saak op te offer nie. Satan werk met al sy mag om siele uit die hand van Christus weg te ruk en maak dat hulle die Seun van

God onder hulle voete vertrap. 'n Engel het stadig en nadruklik hierdie woorde herhaal: **Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament [verbond] waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het.** - Heb. 10:29. Engele van God weeg die morele waardes. God toets en beproef Sy volk. 'n Engel het die volgende woorde gesê: *'Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie. Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertrouwe tot die einde toe onwrikbaar vashou.'* - Heb. 3:12-14.

Hoe om die uitskud/uitsif te vermy

Die apostel Paulus vermaan: **Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.** - 1 Kor. 10:12. Ons sal almal op die proef gestel word, maar nie een van ons het nodig om uitgeskud of uitgesif te word nie. Ons kan triomfantlik deur die toets van die skudding gaan as ons ons kontak met die hemel onafgebroke volhou. Dit is moontlik deur Bybelstudie en gebed, konstante oorgewe aan God se wil soos in die Skrifte en die Gees van Profesie geopenbaar en deur selfverloëning in diens van God en ander.

Met ons geestelike lewenslyn aldus ongeskonde kan niks en niemand ons skei van die liefde van God of van die oppermagtige Bron van ons sterkte, die Here Jesus, nie. Die apostel vra: **Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?** Hy som hier die ergste rampe van die lewe op. En dan antwoord hy met nadruk en volkome versekering: **Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.** - Rom. 8:35-39.

Die Kerk sal nie val nie; sondaars sal uitgesif word

Satan sal sy wonders om te mislei uitvoer, hy sal sy mag as oppermagtig oprig. Dit mag voorkom asof die Kerk gaan val, maar sy val nie. Sy bly staan, terwyl die sondaars in Sion uitgesif word - die kaf word van die kosbare graan geskei. Dit is 'n verskriklike beproewing, maar dit moet nogtans gebeur. Niemand behalwe hulle wat deur die bloed van die Lam en die woord van hulle getuigenis oorwin het, sal onder die lojales en getroues, sonder vlek van sonde en sonder bedrog in hulle monde gevind word nie. Ons moet van ons selfgeregtigheid ontklee word en met die geregtigheid van Christus bekleed word.

Fernando Chaij: *Preparation for the Final Crisis*, pp. 65-73.

VOORBEREIDING VIR DIE RAMPE VORENTOE



In haar boek *Christ's Object Lessons*, in die hoofstuk omtrent die tien maagde, kry ons die betekenisvolste verklaring wat Ellen White ooit omtrent die komende oordele van God gemaak het. Haar verklaring lui:

"Dit is in 'n krisis dat die karakter geopenbaar word. Toe die ernstige stem om middernag aankondig: **Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!** en die slapende maagde uit hulle sluimering wakkerword, is daar gesien wie het vir die geleentheid voorberei. Albei partye is onverhoeds betrap; maar een was vir die noodgeval voorberei en die ander een was sonder voorbereiding. So sal 'n skielike en onvoorsiene ramp, wat die siel van aangesig tot aangesig met die dood bring, wys of daar enige, werklike geloof in die beloftes van God is. Dit sal toon of die siel deur genade ondersteun is. Die groot, finale toets kom met die sluiting van die mens se genadedeur, wanneer dit te laat sal wees om in die siel se behoefte te voorsien" (p. 412).

Hierdie paragraaf vertel vir ons hoe om vir daardie krisis voor te berei. Kom ons analiseer wat sy sê:

Die skudding

Een van haar meer algemene temas, wanneer sy omtrent die eindtyd praat, is wat sy 'n "skudding" noem wat onder God se volk sal kom. Hierdie uitdrukking kom moontlik uit Esegïël 38:19; **Ja, in my ywer spreek Ek, in die vuur van my grimmigheid : Waarlik, in dié dag sal daar 'n groot aardbewing wees in die land van Israel. Ons lees ook daarvan in Amos 9:9: Ek gaan die bevel gee en vir Israel skud tussen die nasies soos graan in 'n sif geskud word en nie 'n korrel sal op die grond val nie.**

Sy het die skudding verstaan as 'n tyd wanneer die gebeure van die toekoms so 'n verskriklike krisis vir God se volk sal skep, dat baie hulle geloof sal laat vaar en by die geledere van die vyand sal aansluit. Hier is 'n paar verteenwoordigende verklarings:

"Die dae kom vinnig nader wanneer daar groot verbouereerdheid en verwarring sal wees. Satan, geklee in die gewaad van 'n engel, sal, indien moontlik, die uitverkorenes mislei. Daar sal baie gode en baie here wees. Elke leerstellige wind sal waai..... Die Here het getroue diensknegte, wat in die skudding ten aanskoue van ander, geopenbaar sal word." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 80.

"Elke beproewing wat deur die suiwerende, reinigende proses oor belydende Christene gebring word, sal sommige as onsuier bewys. Die egte goud kom nie altyd te voorskyn nie. In elke godsdienstige krisis val sommige voor die versoeking. Die skudding van God blaas menigtes soos droë blare weg. Voorspoed vermenigvuldig 'n groot klomp belydendes. Teenspoed maak die Kerk van die ongewenstes skoon. As 'n klas is hulle gees nie in die Here standvastig nie. Hulle gaan uit die kerk uit, omdat hulle net in naam Christene is; omdat wanneer beproewing of vervolging as gevolg van die Woord volg, is baie ongelukkig." - *ibid.*, vol. 4, p. 89. Die skudding is 'n tyd wanneer beproewing die ware Christene van die net in naam Christene sal skei. In die eerste verklaring stel sy die tyd van skudding gelyk met die

“tyd van toetsing.” Ons lojaliteit aan God se waarheid en ons toewyding om getrou aan Jesus te bly, sal straf deur die traumatiese gebeure van die eindtyd getoets word.

Verskeie verklarings in Openbaring 13 suggereer dieselfde idee:

- **Al die bewoners van die aarde sal hom [die dier] aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die Lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie (vs. 8).**
- **Dit is hom gegee om 'n gees aan die [eerste] dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie (vs. 15).**
- **Niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het (vs. 17).**

Die kern van hierdie kort verklarings van Openbaring is dat daar twee groepe mense op die aarde aan die einde van die tyd sal wees. Een groep sal lojaal aan God wees en die ander groep sal probeer om hulle te forseer om hulle lojaliteit aan God te laat vaar. Hierdie beproewing sal veroorsaak dat baie mense die Kerk verlaat. Dit sal die skudding wees.

Kom ons keer terug na die verklaring in *Christ's Object Lessons* omtrent die tien maagde. Sy praat van die tyd van skudding, alhoewel sy nie die woord gebruik nie.

Let op die verdeling van die Christene in twee groepe:

Wanneer die ernstige stem teen middernag aankondig: **Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet** en die slapende maagde uit hulle sluimering wakkerword, is daar gesien wie het vir die geleentheid voorberei. Albei partye is onverhoeds betrap; maar een was vir die noodgeval voorberei en die ander een was sonder voorbereiding.

In hierdie verklaring word die twee groepe Christene omskrywe as hulle wat geestelik vir die finale krisis voorbereid is en hulle wat nie is nie. Hulle wat voorbereid is, sal aan God lojaal bly. Hulle wat nie is nie, sal by die geledere van die afvalliges aansluit.

In Christus se gelykenis is dit die middernagtlike wekroep wat die slapende maagde wakkermaak en wys wie is voorbereid en wie is nie. Sy pas hierdie middernagtlike wekroep in ons dag op die finale krisis toe wanneer God sal toelaat dat die rampe op die wêreld val. Sy sê: "So sal 'n skielike, onvoorsiene ramp nou wys of daar enige werklike geloof in die beloftes van God is."

Karakter die ware toets

Presies wat sal hulle wat aan God lojaal is, skei van hulle wat nie is nie. Sy gee vir ons 'n paar betekenisvolle voorstelle:

"Dit is in 'n krisis dat die karakter geopenbaar word." Toe die middernagtlike wekroep die meisies wakkergemaak het, was die helfte voorbereid en die ander helfte was nie, *en karakter was die bepalende faktor*. In die eindtyd mag dit lyk of die ramp die werklike saak is, omdat die hele wêreld daarvoor in paniek sal wees. Intendeel, karakter sal die werklike saak wees. Nogtans sal die ramp belangrik wees, omdat dit die karakter sal openbaar.

En watter aspek van karakter sal die ramp openbaar? Wylskrag om die ontberinge te verduur, miskien, of 'n vasberadenheid om ten spyte van dit alles vorentoe te gaan? Nee. Sy sê dat dit sal wys "of daar enige werklike geloof in die beloftes van God is."

Sy sê ook dat die ramp God se volk van aangesig tot aangesig met die dood sal bring. Nogtans is die ramp nie die gevaar nie (alhoewel sommige van God se volk in die verwoesting wat dit veroorsaak, sterf). Die doodsdreigement sal uit die reaksie van die wêreld op die ramp ontstaan. Soos die rampe oor die aardbol vermenigvuldig, sal die wêreld 'n diepgaande verandering in denkwysse ondergaan wat geestelike, godsdienstige magte in beheer van die aarde se politieke sisteme plaas. Twee magtige bewegings sal ontstaan wat in bittere vyandigheid met mekaar is en een van hulle sal God se volk wreedaardig vervolg.

Dit is hierdie vervolging wat sal openbaar wie het 'n sterk karakter ontwikkel en wie het nie. Hierdie vervolging sal die karakter van elke mens toets en die werklike saak sal geloof in die beloftes van God wees.

Kry die korrekte inligting

Om die eindtyd te oorleef sal ook 'n korrekte verstaan van wat in die wêreld aangaan, vereis, omdat vooruit kennis ons sal help om vir die noodtoestand voorbereid te wees.

Baie van die geweld van 'n ramp kom van die skielike manier waarop dit onvoorbereide gemeenskappe en inrigtings oorval. Hoe meer 'n mens vir toekomstige rampe voorberei, hoe minder is die kans dat daardie rampe ontwrigtende skade sal aanrig. Selfs waar dit onbeheerbare natuurkragte betref, sal die blote bestaan van 'n vooraf waarskuwing 'n verdediging daarstel.

In "*Christ Object Lessons*" staan: "Albei partye is onverhoeds betrap; maar een was vir die noodtoestand voorberei en die ander was sonder voorbereiding" (p. 412). Die skade wat alles in wanorde bring waarteen ons beskerm moet wees, is afvalligheid - om uit die geloof wat kan red, uitgeskud te wees en by die opposisie aan te sluit.

Hulle wat nie hierdie vooraf inligting het nie, sal verras word en dit sal hulle in groot gevaar stel om hulle geloof te laat vaar. Die oorgrote meerderheid van die wêreld sal die verduideliking van die opposisie aanvaar. Daar sal 'n groot vereniging van godsdienstige gelowe wees wat, ten minste gedeeltelik, deur die verskynings van die veronderstelde "moeder van God" beïnvloed is. Soos die rampe vermenigvuldig en die krisis verdiep, sal die dreigement van vervolging tot die populêre beweging vir godsdienseenheid bydra en so sal die druk vir God se volk om hulle geloof prys te gee intens wees.

Vandag, voor die krisis van die eindtyd met sy rampe, neem bykans alle Sewendedagadventiste 'n ferm standpunt in teen sekere leringe wat in ander kerke heel populêr is. Maar die rampe van die eindtyd mag dalk net

sommige se "verstand" open om daardie idees wat hulle nou verwerp weer gunstig te oorweeg. Dit is waaroor alles gaan.

In afwagting van hierdie gevaar is een van die beste maniere om ons eie mense daarteen te beskerm om by die teenstanders aan te sluit, om hulle omtrent die rampe wat aan die kom is in te lig. Omdat voorkennis dit makliker sal maak om by die ramp aan te pas en dit sal ook 'n reaksie na die ander kant minder moontlik maak.

Die apostel Paulus waarsku teen die gevaar van natuurrampe op die godsdienstige geloof: **Wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.** – 1 Thess. 5:3.

Let op, dit is die skielikheid van die verwoesting wat Paulus sê mense in Satan se strik sal vang. Die wat gevang was, het gesê: **Vrede en veiligheid.** So hulle het vanselfsprekend geen idee gehad wat aan die kom was nie. Die skielikheid van die ramp, gekombineer met hulle gebrek aan voorkennis daarvan, skep 'n situasie waarin hulle hoogs vatbaar is vir 'n verandering in hulle geloof en hulle sal afvallig word. Dit is Paulus se punt. Maar let op wat hy vervolgens sê: **Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.** – 1 Thess. 5:4.

Paulus sê God se volk hoef nie in **die duisternis** te wees omtrent die skielike verwoesting wat oor die wêreld kom nie! Dit is hoekom ons ons mense omtrent toekomstige gebeure moet inlig, omdat hulle wat ingelig is, sal nie verras word nie. Hulle sal vooruit kennis van die rampe hê en hulle sal in staat wees om hierdie verskriklike gebeure in hulle Bybelse en profetiese verstaan in te werk. Voorkennis sal 'n beskerming teen disoriëntasie en die gevaar van veranderde geloofsoortuigings en die vals bewegings wees.

Ons kan dus sê dat, terwyl karakterontwikkeling die belangrikste voorbereiding is wat ons vir die komende krisis kan maak, kan ons ook voordeel trek uit 'n bewustheid dat hierdie rampe gaan gebeur, omdat voorkennis sal help om ons geloof te behou en selfs te versterk.

Toegewydheid aan Bybelwaarhede

In *The Great Controversy* word gesê: "So naby sal die valse na die ware lyk dat dit onmoontlik sal wees om tussen hulle te onderskei, behalwe deur die Heilige Skrif. Aan hulle getuienis moet elke verklaring en elke wonder getoets word" (p. 593).

Ek verwag dat wanneer die tyd van toetsing kom, sal God se volk oor die beginsel van **die Bybel en die Bybel alleen as die fondament van alle geloof en praktyk** uitgedaag word. Die druk om hierdie beginsel ten gunste van wonders, wat die hele wêreld kan sien te laat vaar, sal intens wees. Dit sal absoluut belangrik wees dat ons hierdie beginsel stewig in ons verstand grondves. Hulle wat dit nie doen nie, sal in groot gevaar wees om aan die druk om aan te pas toe te gee.

Sodra ons hierdie beginsel van die **Bybel alleen** as die basis van ons geloof gevestig het, dan sal ons 'n behoefte vir 'n duidelike verstaan van die basiese leringe van die Bybel hê. 'n Blote leerstellige, teoretiese verstaan van Bybel-waarhede, in die afwesigheid van karakterontwikkeling in harmonie met daardie waarheid, sal nie genoeg wees om ons lojaliteit aan God in die finale krisis te bewaar nie. Selfs met 'n sterk karakter en 'n hegte verhouding met Jesus, sal hulle wat 'n verkeerde siening van sulke leringe, soos die toestand van die dooies, die Sabbat en die tweede koms van Jesus, in groot gevaar wees om voor Satan se misleidings te swig. Ons moet nooit die teoretiese en godsdienstige maniere om die Bybel te verstaan 'n saak van òf òf maak nie. As jy swak in jou teologiese verstaan van die Bybel is, dring ek by jou aan dat jy dit 'n top prioriteit in jou lewe maak om die probleem reg te stel.

'n Verskriklike krisis is oor die wêreld aan die kom. Daarom is voorbereiding uiters belangrik. Ek dring by jou aan om Jesus te vra om jou te help om 'n karakter te ontwikkel wat deur die eindtyd staande sal bly. En begin om 'n deel van jou stiltetyd te wy om die basiese waarhede van die Adventisteboodschap te ken. Deur hierdie eenvoudige dinge te doen, sal jy 'n ver ent gevorder het om jouself voor te berei vir die verskriklike krisis wat verseker oor die wêreld in die nabye toekoms gaan kom.

Trotseer die eindtyd sonder vrees

Ek glo God is vir ons gevoelens sensitief. Ek dink nie Hy vind enige plesier daarin om ons te prikkel om onnodig te vrees nie. Dit was God wat vir Daniël, ongeveer 2,510 jaar gelede, gesê het daar kom 'n tyd van benoudheid soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie.- Daniël 12:1. En dit was niemand anders as Jesus Homself wat Daniël se woorde herhaal en bygevoeg het **as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie.** - Matt. 24:22.

Sommige mense mag ontstel wees dat daar in *The Great Controversy* soveel omtrent die finale krisis en in sulke duidelike taal gepraat word. So lees ons byvoorbeeld: "Dit is dikwels die geval dat moeilikheid wat verwag word groter is as die werklikheid; maar dit is nie waar van die krisis wat voor ons is nie. Die duidelikste voorstelling kan nie die omvang van die beproewing beskryf nie" (p. 622). Word daar probeer om God se volk met hierdie verklaring bevrees te maak? Natuurlik nie! As die komende tyd van benoudheid vir ons 'n groot gevaar gaan wees, verwag ek dat God voortdurend meer aan ons sal openbaar, veral soos dit nader kom.

God het nooit geweier om die wêreld te waarsku nie en veral nie Sy volk omtrent die vreesaanjaende toekoms nie. Dit is hulle wat hierdie waarskuwings ignoreer wat oorweldig sal word. Ons het ten minste twee Bybelse verwysings hiervan:

Vir honderde jare het God die Israeliete teen die gevolge van rebellie gewaarsku. So ver terug as die tyd van Exodus wy Moses die grootste gedeelte van Deuteronomium 28 aan die vloeke wat op hulle vir die volgehoue ongehoorsaamheid sou val. Dit is nie aangenaam om dit te lees nie.

God se waarskuwings het toenemend, herhaaldelik gegroei soos die Joodse volk verder en verder in afvalligheid verval het. Met die laaste profeet, Jeremia (wat in werklikheid die verwoesting van Jerusalem ervaar het), het die waarskuwings 'n hoogtepunt bereik. Jeremia het God se waarskuwings getrou oorgedra, maar hy was herhaaldelik van die ondermyning van die

regering beskuldig. Hy was ten minste een keer onder arres en twee keer is sy lewe bedreig (kyk Hoofstukke 26, 37, 38).

Die mense het nie van die slegte nuus gehou nie!

Jeremia was egter reg en die mense moes na sy waarskuwings geluister en voorberei het. Omdat hulle geweier het, was hulle deur die ramp oorweldig toe dit gekom het.

Etlike maande voor sy arrestasie, verhoor en teregstelling het Jesus sy dissipels gewaarsku teen wat aan die kom was. Maar as gevolg van hulle vrees, het hulle verkies om die waarskuwing te ignoreer (kyk Matt. 16:21, 22). En toe die onvermydelike finaal gebeur, was hulle oorweldig. Inderdaad, hulle het byna hulle geloof verloor! (kyk Lukas 24:19-21; Johannes 20:24,25).

Daarom glo ek dit is uiters belangrik dat ons vandag noukeurig aandag gee aan die waarskuwings wat God ons omtrent die eindtyd gegee het. As die waarskuwings ons bang maak, eerder as om die boodskap te ignoreer, behoort ons iets aan die vrees te doen.

Die vraag is, hoe doen ons dit?

Jesus se raad om vrees te hanteer

Jesus het 'n uitstekende les gegee hoe om vrees vir moeilikheid te hanteer. Laat een nag was Hy en Sy dissipels uit op die meer van Galilea toe **daar 'n groot storm op die see gekom het, sodat die skuit toe was onder die golwe.**

Die dissipels was vreesbevange. **Here, red ons ons vergaan!**, het hulle uitgeroep.

Jesus was aan die slaap. Toe hulle Hom wakkermaak het, sê Hy: **Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.** – Matt. 8:23-26.

Jesus se antwoord op die dissipels se vrees was **geloof**! Let daarop dat Hy nie gesê het: "Wow, dit was 'n vreeslike een nie!" Hy het ook nie gesê, "Was dit nie verskriklik van God om daardie storm toe te laat om ons te oorval nie?" Hy het ook nie gesê: "Ons het naelskraap uit daardie een gekom nie!" Hy het eenvoudig gevra: "Waar was julle geloof?"

Elk van die ander reaksies sou die dissipels se vrees geregverdig en aangemoedig het. Maar Jesus het hulle uitgedaag om God in die aangesig van vrees te vertrou.

Die gepaste reaksie op die storm, het Jesus gesê, was geloof - vertrou God in die mees traumatiese noodtoestand.

Maar dit is baie gevra! Dit kom nie maklik nie. Hoe kan ons leer om kop te hou in die aangesig van skrikwekkende situasies?

Verseker is 'n sterk, volgehoue, godsdienstige lewe die beginpunt. Ons benodig 'n sterk, godsdienstige lewe te midde van moeilikhede.

Oefening met vrees

Enigiets wat ons as mense leer om goed te doen, verg oefening. Ons moet dieselfde ding oor en oor doen totdat ons geleer het om dit sonder foute te doen.

Net so gebeur daar dinge in ons lewe wat ons moet gebruik om ons geloof te oefen. Ons noem dit die klein beproewing van die lewe. Deur elke beproewing as 'n geleentheid om ons geloof in God te oefen, sal ons uiteindelik by die plek kom dat ons Hom volkome in die aangesig van die grootste storms kan vertrou.

Daar is baie maniere om 'n beproewing te misbruik. Een manier is om God vir die beproewing te blameer. 'n Volgende is om onself te blameer. 'n Volgende is om ander vir jou beproewings te blameer. Nog 'n manier is selfbejammering: "Arme ek!"

Die geloofsantwoord op beproewings is om God te vertrou. Vertroue in God hou ons in die storm kalm. Dit hou ons emosies, spesiaal vrees, onder die rede/verstand se beheer. Petrus het gesê: **Verheug julle hieroor [Christus se opstanding], selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word.** - 1 Pet. 1:6,7.

Maar die geloofsantwoord op beproewings verg oefening. Dit kom nie natuurlik nie.

Die primêre saak in die finale krisis sal ons bekwaamheid om God te vertrou, wees. Ons kan nie daardie bekwaamheid ten volle in 'n oomblik ontwikkel teen die tyd dat die krisis ons oorval nie. Dit is hoekom die dwase maagde - en sal weer wees - onvoorbereid was.

Ek is seker daar sal verskillende grade van voorbereiding wees. Sommige sal 'n goeie voorbereiding hê, terwyl ander 'n minimum, maar voldoende, voorbereiding sal hê. Hoe ook al, niemand sal dit deur die finale krisis maak wat hoegenaamd geen voorbereiding gemaak het nie.

Dit beteken dat vandag, môre en die volgende dae, wat ook al die krisis wat oor ons pad mag kom, moet ons besluit om nie vir God, onself of enigiemand anders te blameer nie. Ons moet dit as instrumente [groot geleenthede] gebruik om die geloof wat ons sal nodig hê wanneer die ergste tyd van benoudheid, wat die wêreld nog ooit geken het, oor ons met verwoestende geweld losbreek te produseer.

Marvin Moore: *The Coming Great Calamity*, pp. 140-153.

VOORBEREIDING VIR DIE KRISIS

S

onder twyfel sal 'n blote teoretiese kennis van die geweldige gebeure wat die laaste dae van die geskiedenis van ons wêreld sal kenmerk, ons nie baie baat as ons nie 'n ervaring van berou en skuldbelydenis en van die reiniging van sonde het nie. Ons moet oorwinning oor ons swakhede kry; ons moet volkome bevryding deur God ervaar; en ons moet toegewyde aktiwiteite demonstreer deur aan die wêreld die boodskap van Jesus se wederkoms te verkondig.

Ons gaan vervolgens 'n paar pertinente verklarings uit die pen van inspirasie neerskryf en dan die aandag van die leser daarop vestig. Ons bid dat die Heilige Gees elkeen van ons sal beweeg om die stappe te neem wat hom/haar nader aan die hemel sal trek en hom geskik maak om die seël van die lewende God te ontvang. Dit alléén kan iemand voorberei om ongeskonde deur die verskriklike tyd van benoudheid te gaan en uiteindelik Christus in vrede by Sy tweede koms te ontmoet.

Die erns van die tyd en die behoefte vir voorbereiding

In Mattheüs 25:5 lees ons dat al die maagde aan die slaap geraak het. Die verskil tussen die twee groepe bestaan in die aard van die voorafgaande voorbereiding. Die verstandiges het ook aan die slaap geraak, maar hulle het vooruit in 'n lewensbelangrike verhouding met God getree. Hulle het die olie van die Heilige Gees gehad. Die onverstandiges het hierdie aller grootste ingesteldheid vir redding nie gehad nie.

Die tien maagde verteenwoordig die Kerk van die laaste dae. Al die lidmate glo dieselfde waarhede en wag vir dieselfde Here. Maar nie almal berei hulself vir hierdie mees glorieryke gebeurtenis voor nie. Diegene wat nie voorberei nie, sal nie die laat reën [die Heilige Gees] ontvang nie. Hulle sal soos die onverstandige maagde wees. Hulle het dieselfde, ernstige begeerte as die verstandiges, maar hulle voorbereiding ontbreek. Baie raadgewing is al geskryf om die Kerk op haar groot behoefte te wys:

"Die tyd van moeilikheid, soos daar nog nooit was nie, sal spoedig oor ons breek; en ons sal 'n ervaring benodig wat ons nie nou het nie en wat baie te traag is om die verkry." - *The Great Controversy*, p. 622.

"Satan is besig om sy hordes op te stel en is ons individueel voorbereid vir die verskriklike konflik wat reg voor ons is? Berei ons ons kinders vir die groot krisis voor?" - *The Adventist Home*, p. 186.

"Ons moet daarom nader en nader aan die Here kom en ernstig die voorbereiding nastreef wat nodig is om ons in staat te stel om in die stryd in die dag van die Here staande te bly. Laat almal onthou dat God heilig is en dat niemand anders as heilige wesens in Sy teenwoordigheid kan bestaan nie." - *Early Writings* p. 71.

Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. - Efesiërs 6:10-13.

Faktore ter voorbereiding

1. Studie van die Bybel en die Gees van Profesie

"Diegene wat ernstig soek na 'n kennis van die waarheid en streef om hulle siele deur gehoorsaamheid te reinig en sodoende doen wat hulle kan om vir die konflik voor te berei, sal in die God van waarheid 'n onfeilbare beskerming vind." - *The Great Controversy*, p.560.

"Slegs diegene wat ywerige studente van die Skrifte was en wat die liefde vir die waarheid ontvang het, sal beskerm word teen die magtige misleiding wat die wêreld gevange neem." - *ibid.*, p.625.

"Gevaarlike tye is voor ons. Elkeen wat kennis van die waarheid het, behoort te ontwaak en homself/haarself met liggaam, siel en gees onder die dissipline van God te plaas. Die vyand is op ons spoor. Ons moet wawydwakker op ons hoede wees vir hom. Ons moet die volle

wapenrusting van God aantrek. Ons moet die aanwysings, deur die Gees van Profesie gegee, volg. Ons moet die waarheid vir hierdie tye liefhê en gehoorsaam. Dit sal ons bewaar om sterk misleidings te aanvaar. God praat met ons deur Sy Woord. Die waarskuwings wat gegee was, moet aandag aan gegee word. As ons hulle veronagsaam, watter verskoning sal ons hê?" - *Testimonies for the Church*, vol. 8, p.298.

Onvolledige begrip van die waarhede en Goddelike profesieë, die Bybel sowel as die Gees van Profesie, is die resultaat van 'n gebrek aan ywerige studie deur gebed vergesel.

2. Gemeenskap met God; vurige gebed

Dit is vir ons nodig om te waak en te bid met dieselfde vuur as wat Jakob in sy nag van benoudheid uitgeoefen het. Slegs wanneer ons op hierdie wyse met God worstel, sal ons lewens verander word en ons vuil vodde vir die kleed van Christus se geregtigheid verruil word.

3. Reinig van sonde en oorwinning oor swakhede

"As Jakob nie vroeër sy sonde, deur die geboortereg deur bedrog te verkry, bely het nie, sou God nie sy gebed verhoor en genadiglik sy lewe gespaar het nie. So, in die tyd van moeilikheid, as die volk van God onbelyde sondes het wat voor hulle verskyn, terwyl hulle met vrees en angs gemartel word, sal hulle oorweldig word

Satan lei baie om te glo dat God hulle ontrouheid in die mindere dinge van die lewe sal oorsien, maar die Here toon in Sy handeling met Jakob dat hy op geen manier sonde sal goedkeur of verdra nie. Almal wat beplan om hulle sondes te verskoon of te verberg en

toelaat dat dit in die boeke van die hemel bly, onbely of onvergewe, sal deur Satan oorwin word." - *The Great Controversy*, p.620.

Maar selfs nou nog, spreek die Here, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklaag. - Joël 2:12.

"Diegene wat die seël van die lewende God ontvang en in die tyd van benoudheid beskerm word, moet die beeld van Jesus ten volle reflekteer." - *Early Writings* p. 71.

4. 'n Volle oorgawe aan God

"Wy jouself aan God in die môre; maak dit jou heel eerste taak. Laat jou gebed wees: 'Neem my, o Here, as U s'n ten volle. Ek lê al my planne aan U voete. Gebruik my vandag in U diens. Bly by my en laat al my werk tot U eer wees.' Dit is 'n daaglikse saak. Wy jouself aan God toe vir daardie dag. Gee al jou planne aan Hom oor om uitgevoer ter word soos Sy voorsiening sal aandui. Sodoende sal jy jou lewe dag na dag in Sy hande gee en sodoende sal jou lewe meer en meer na die karakter van Christus gevorm word." - *Skrede na Christus*, p. 60.

Ons oorgawe aan Christus, ons toewyding aan God, ten einde effektief te wees, moet elke dag hernu word.

5. 'n Ywerige werk vir Christus

"Ons moet soos mense wees wat op hulle Here wag, nie in ledige afwagting nie, maar in ernstige werk, met onwankelbare geloof. Daar is geen tyd nou om toe te laat dat ons verstand met dinge van mindere belang in beslag geneem word nie." - *ibid.*, vol. 5, p.452.

"Christus het aan jou talente toevertrou en Hy het vir jou gesê: Woeker daarmee tot Ek kom. Wanneer die Meester kom en met Sy diensknegte afreken en almal word tot die noukeurigste verslagdoen geroep om te verneem hoe hulle die talente, wat aan hulle toevertrou was, gebruik het. Hoe sal jy, my liewe broer/suster, die ondersoek slaag?" - *Testimonies*, vol. 4, p.51.

6. Aktiwiteite ten bate van godsdiensvryheid

Dit is ons plig om alles in ons vermoë te doen om die dreigende gevaar af te weer. Ons behoort daarna te streef om vooroordeel te ontwapen deur onself in die regte lig voor die mense te stel. Ons moet voor hulle die werklike vraag met betrekking tot die kwessie van godsdiensvryheid lê en sodoende die mees effektiewe protes teen maatreëls om vryheid van gewete te beperk, aanteken. Ons moet die Skrifte ondersoek en in staat wees om die rede vir ons geloof te gee. Die profeet sê: **Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan.** - Daniël 12:10.

"Maar te dikwels het die leier met huiwering gestaan, blykbaar om te sê: Laat ons nie in te groot haas wees nie. Daar kan 'n fout wees. Ons moet versigtig wees om nie 'n vals alarm te maak nie! Die einste huiwerigheid en onsekerheid van sy kant roep uit: 'Vrede en veiligheid.' Moenie opgewonde raak nie. Moenie vreesbevange wees nie. Daar word 'n groot deel meer van hierdie godsdienswysigingskwessie gemaak as wat nodig is. Hierdie verontrusting sal alles doodloop. Sodoende ontken jy feitlik God se boodskap en die waarskuwing wat bedoel was om die kerke wakker te skud, faal om sy werk te doen." - *ibid.* p. 715, 716.

"Ons as God se volk het nie die werk voltooi wat God aan ons toevertrou het nie. Ons is nie gereed vir die saak waartoe die afdwing van die Sondagwet [Die afdwing van die onderhouding van die vervalste sabbat (Sondag) in die plek van die sewendedag Sabbat (Saterdag), die vierde gebod van die Bybel] ons sal bring nie. Dit is ons plig, soos ons die tekens van die naderende

gevaar sien, om tot aksie oor te gaan. Laat niemand in kalm afwagting sit nie Laat daar die ernstigste gebede wees en laat ons dan in harmonie met ons gebede werk." -ibid., p. 713, 714.

Mag God ons as Sy volk help om die ernstigheid van die tye waarin ons leef te begryp. Mag Hy ons help om ons groot, geestelike tekortkominge te sien en met ons hele hart na 'n ware ondervinding met God te soek. So 'n ondervinding sal ons geskik maak om triomfantlik deur die finale ure van beproewing te gaan en die Here in vrede te ontmoet.

Die vinnige ontvouing van gebeure op die gebied van die wetenskap, politiek, ekonomie, moraliteit en godsdienste, soos uitgebeeld deur die pers, radio en televisie, oorweldig ons vandag met getuigenis dat ons inderdaad naby die tyd van beproewing is.

Maar die versekering dat engele die getroues sal bystaan en dat buitengewone manifestasies van die goedheid van God ons gedurende die tyd van benoudheid en die val van die plaas sal ondersteun, hernu in ons gevoelens van dankbaarheid teenoor ons liefdevolle, hemelse Vader.

"Ons wat die waarheid ken, behoort voor te berei vir wat binnekort oor die wêreld as 'n oorweldigende verrassing sal aanbreek." - ibid., vol. 8, p. 28.

Fernando Chaij: *Preparation for the Final Crisis*, pp. 162-171.

VOORBEREIDING VIR DIT WAT VOORLÊ

Dionisius II (397-343 v.C.) het Syracuse, Sisilië, van 367 v.C. tot 357 v.C. en weer van 346 v.C. tot 344 v.C. geregeer. Gedurende sy heerskappy het Dionisius met herhaalde aanvalle op sy lewe en sy troon te kampe gehad.

Volgens 'n antieke legende het een van die koning se diensknegte, Damokles, 'n begeerte uitgespreek om vir een dag op sy troon te sit. Hiertoë het Dionisius ingestem.

Maar die volgende dag, terwyl hy daar sit en 'n groot maaltyd geniet, het dit so gebeur dat Damokles opgekyk en 'n ontblote, skerp-gemaakte swaard, wat aan 'n enkele haar bokant sy kop gehang het, gesien.

Hy het opgespring en Dionisius, wat daar naby gesit het, gesmeek dat hy nie langer so bevoorreg wil wees om op die troon te sit nie!

Vir Dionisius was die historiese realiteit dat hy as gevolg van sy eie, korrupte aktiwiteite en die herhaalde pogings deur ander om hom te vermoor, dit daartoe gelei het dat hy van sy troon verdryf is. Op die ouderdom van 54 het hy as 'n verarmde man in 'n pondok in Korinthe, Griekeland, in 343 v.C. gesterf.

Etlike jare later het Griekse- en Romeinse skrywers, insluitende Cicero, na hierdie legende omtrent Damokles verwys. [In Afrikaans het ons die uitdrukking: Die swaard van Damokles, d.w.s. 'n steeds dreigende gevaar].

Die storie van die swaard oor Damokles het deur die eeue as 'n treffende illustrasie van die nabyheid van 'n dodelike gevaar gedien.

Na die mening van baie regdenkende mense vandag, sit die hele mense-ras nou in daardie stoel met totale verwoesting wat aan 'n haar bokant hulle hang, gereed om te val. Dit lyk of 'n delikate sneller ons nog 'n geleentheid gee om van dag tot dag voort te gaan met ons gewone gang van aktiwiteite, wag, wonder en bekommer.

Geen gewone gevaar bedreig vandag die mensdom nie. Ons leef op die rand van die einde!

Dwarsdeur die geskiedenis het nasies - en selfs hele beskawings - geval as gevolg van hulle weiering om die God van die hemel te erken en om Sy Morele Wet te erken.

Die eerste, verskriklike voorbeeld hiervan was die vloed wat die aarde in Noag se tyd bedek het. Gebaseer op die Hebreeuse teks het dit 1,656 jaar na die Skeppingsweek, wat volgens ons datering, omtrent 2348 v.C. was.

Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was.- Genesis 6:5.

Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien : dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. Toe sê God vir Noag: 'Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen, is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. - Genesis 6:11-13.

Maar Noag was anders. Hy het God liefgehad en elke gebod gehoorsaam. Dit is wat God wil hê ons nou moet doen!

Maar Noag is deur die Here begenadig. Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het. Toe sê die Here vir Noag: 'Jy en jou hele gesin moet in die ark ingaan. Ek het jou gesien en onder hierdie geslag bevind Ek jou regverdig. - Genesis 6:8,22; 7:1.

Vir die volgende 120 jaar het Noag die mense, wat voor die sondvloed geleef het, gewaarsku om na God terug te keer voordat dit te laat is. Maar byna almal het die waarskuwing geïgnoreer of dit bespot. Hulle het gesien hoe hy geleidelik die Ark, 'n reuse boot, bou en gelag vir wat hy doen. Hulle het sy boodskappe, wat by hulle gepleit het om berou te hê, bespot. God wou 'n watervloed, wat die aarde sou bedek, stuur. Soos in ons dag was elke vorm van boosheid besig om toe te neem. Goddeloosheid van elke soort was beoefen.

"Maar Noag het soos 'n rots te midde van die storm gestaan. Omring deur algemene minagting en bespottig het hy homself deur sy heilige integriteit en standvastige getrouheid onderskei. 'n Krag het sy woorde begelei, want dit was die stem van God aan die mense deur Sy dienskneg. Verbinding met God het hom in die sterkte van Oneindige Krag sterk gemaak, terwyl vir honderd en twintig jaar sy stem op die ore van daardie generasie geval het. Sy waarskuwing was in verband met gebeure, wat, sover as menslike wysheid kon oordeel, onmoontlik was." - Patriarchs and Prophets, p. 96.

As die mense hulle sou bekeer sou God sy gramskap laat bedaar, soos Hy agterna gedoen het toe die stad Ninevé berou getoon het. Maar hulle

antwoord op Noag se finale wekroep om hulle te bekeer, was om net dieper in immoraliteit te verval.

Dan, een agtermiddag, begin sommige van die wilde diere om saam met Noag en sy familie die ark binne te gaan – en die reuse deur, aan die voorkant van die skip, was saggies deur onsigbare hande gesluit.

Almal was verskrik, maar soos die dae verbygegaan het en niks gebeur het nie, het die goddeloses steeds meer vermetel in hulle rebellie en hulle skelwoorde teen Noag geword. Hulle genadetyd was op die punt om te verstryk.

En toe begin dit

Op die sewende dag het die vloedwaters oor die aarde gekom.... die fonteine van die groot waters [het] oopgebreek. Die vensters van die hemel is oopgemaak. – Genesis 7:10,11.

En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstrom is en vergaan het. Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdag sal word. – 2 Petrus 3:6-7.

Deur die eeue het groot stede en ryke verrys en ineengestort. Immoraliteit het hulle verwoes. Hulle het geweier om God se Tien Gebooe te gehoorsaam.

Maar nou kom ons by ons eie tyd in die geskiedenis. God het gesê: **My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie.** – Genesis 6:3. Wanneer sal God se barmhartigheid eindig? Hoeveel langer sal Hy by die mens se gees pleit? Waar is daardie lyn waaroor selfs die Goddelike nie kan gaan nie?

Die waarskuwings aan die getroues om in gehoorsaamheid na God se Tien Gebooe Wet terug te keer, die pleidooie van God se Gees word verwerp. Harte word harder en mans en vrouens verval daagliks dieper in sonde.

'n Massiewe toename van boosheid word op 'n voorheen ongekenende skaal op ons uitgestort. Die oueres van ons is deeglik bewus dat die goddeloosheid in groot hoeveelhede sedert die middel van 1960 ontplof: Pornografie, aborsie, misdaad, geweld, skandelige luste, rebellie en oorlog. Dobbel casino's of loterye in byna elke groot dorp of stad. Verdowingsmiddels wat bedwelm en verstande en liggame ruineer. Omkoperij van regeringsamptenare. Politieke-, besigheids- en regeringskorrupsie - alles op 'n skaal soos nog nooit vantevore gesien nie.

Aan en aan gaan die lys. Dit hou aan om groter en erger te word. Elke vorm van boosheid word goedgekeur of aangemoedig. Die hart word siek by die aanskoue daarvan. Ons is nou in die 21ste eeu en die enorme omvang van goddeloosheid dreig om die beskawing te oorweldig.

Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang. Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is. - 1 Timoteüs 4:1-2.

Dit is van die uiterste belang om daarop te let dat saam met hierdie toename in boosheid daar 'n steeds toenemende getal natuurrampe kom, in besonder sedert die vroeë 1990's. Die God van die hemel het 'n streep getrek en die mensdom is besig om daardie streep oor te steek.

Ons is nou onder toenemende oordele van die Hemel in die vorm van vulkane, tornado's, orkane, tsunami's, vure, geweldige windstorms en vloede. God probeer om die wêreld uit sy verskriklike, morele krisis wakker te skud. Hy doen 'n beroep op mans en vrouens om hulle te bekeer, maar hulle hoor nie. God is besig om Sy Gees aan die goddeloses te onttrek en Satan bring hierdie natuurrampe oor die wêreld.

Vriende, luister: Ons nader die einde van God se barmhartige pleidooie vinnig. Ons wêreld is op die punt om die streep tussen God se geduld en Sy wraak oor te steek.

Daar is 'n tyd, ons weet nie wanneer nie, 'n plek, ons weet nie waar nie, wat die bestemming van die mens vir glorie of wanhoop aandui.

Daar is 'n streep vir ons onsigbaar wat elke pad kruis; die verborge grens tussen God se geduld en Sy wraak. Hoe ver kan ons in sonde voortgaan? Hoe lank sal God verdra? Waar eindig hoop en waar begin die grens van wanhoop?

'n Antwoord word uit die hemel gestuur: **Vandag as julle Sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie.** - Heb. 3:7. Die moderne wêreld is sondig, droewig, verlate, gevul met sport- en plesiersoekend, vlugtende vir kriminele, die ellende van sonde genietend. Groot stede vol neonligte, gevul met kroee en nagklubs, disko's en bordele. Harde gelag gemeng met gille van vrees. Maar, te midde van dit alles, sê God: "Bekeer julle!"

En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word. - Lukas 17:26-30.

Soos 'n groot klok wat lui, word die stem van God bo die intense opgewondenheid, gekerm en bloedbaddens gehoor wat mense roep om in gehoorsaamheid na die morele beginsels, wat Hy op die berg Sinai gegee het, terug te keer. En die klokke lui op hulle hardste net voordat hulle vir ewig stilgemaak sal word!

Nadat die derde engel se boodskap geëindig het, sal die genadedeur vir die mensdom sluit - en dan sal die sewe laaste plaes en ander oordele wat in Openbaring 15:6 tot 18:24 voorspel is, volg:

Die groot stad het in drie dele geskeur, en die stede van die nasies het inmekaar gestort. God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn van Sy gloeiende toorn te gee nie. Al die eilande het verdwyn, en berge was daar ook nie meer nie. Groot haelstene, elkeen omtrent 50kg.

swaar, het van die hemel af op die mense geval. En die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was. - Openb. 16: 19-21.

Waar sal ek en jy staan wanneer die stem van barmhartigheid nie meer gehoor word nie? Die tyd is aan die kom wanneer geen hart meer deur die pleidooie van die Gees van God aangeraak sal word nie. God sê: **Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is laat hom nog vuiler word.** - Openbaring 22:11.

Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barendsnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie."- 1 Thessalonicense 5:3.

So lank as daar hoop is, mag ons deur die Here tot ons voordeel getugtig word (Heb. 12:9-11). Maar dit is moontlik vir ons om 'n punt van hardkoppigheid te bereik. **'n Man wat hom bly verset teen teregwydings, kom skielik tot 'n val en staan nie weer op nie.** - Spreuke 29:1.

Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. - 2 Timoteüs 3:1-5.

As jy, op die oomblik, buite die veiligheid van Christus se sorg is, blameer jouself. Die deur is steeds oop, maar dit sal nie altyd so wees nie. Dit mag vir jou vroeër sluit as jy skielik sterf.

Die wêreld het sesduisend jaar gehad om homself te bewys - daar was 'n proeftyd. Die liefde van God en die wet van God is teenoor Satan se haat en sy rebellie teen God en Sy wet gestel. Maar die uurglas loop nou leeg. Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding. - 2 Korinthiërs 6:2.

Wanneer die finale geleentheid eindig, sal genadetyd vir ewig sluit en nie alleen sal Satan die getal natuurrampe intensiveer nie, maar, addisioneel, sal God die Sewe Laaste Plae stuur.

Hierdie plae word in Openbaring 16 vermeld. Teen daardie tyd sal diegene wat kies om aan die Kruis van Christus en die Gebooie van God vas te hou nie die dier of sy beeld of sy merk ontvang nie. Hulle het die oorwinning behaal. Diegene wat toegee, sal die plae ontvang.

Let asseblief daarop dat dwarsdeur die hele beskrywing in die Skrif van wat met die goddeloses na die sluit van die genadedeur sal gebeur - hulle het hul nie bekeer nie. Hulle het die keuse gemaak - en teen daardie tyd deel hulle Satan se haat vir God.

*Wanneer die plae begin val, sal dit vir almal te laat wees om hulle saak met God reg te maak. Die Seun van God, ons Middelaar, sal die heiligdom in die hemel verlaat. Teen daardie tyd is Sy priesterlike kleed van intersessie eenkant gesit en Hy berei voor om na die aarde op die wolke van die hemel as **Die Koning van die konings en die Here van die heersers** (Openb. 19:16) vir Sy eie terug te keer.*

Sal God se getroues gedurende die val van die plae beskerm word? God sal al Sy kinders versorg. Sy belofte van beskerming gedurende die val van die plae word in daardie wonderlike hoofstuk, Psalm 91, wat ons almal uit ons kop behoort te ken, gevind. **Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou. Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte.**

Bogenoemde verse belowe beskerming teen die eerste plaag (Openbaring 16:2). Maar, boonop, beskerming teen die "skroeiende son" of "vir siekte wat helder oordag verwoesting saai" van die vierde plaag (Openb. 16:8-9), word in Psalm 91:5-6 belowe. Beskerming teen die "duisternis" of "skrik van die nag" van die vyfde plaag (Openbaring 16:10), word in Psalm 91:5 belowe.

Al val daar duisend aan jou sy, belowe God om jou deur dit alles te beskerm (Psalm 91:4-11).

Want Hy steek my weg in Sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van Sy tent. – Psalm 27:5.

So spoedig nadat Christus verklaar dat genadetyd geëindig het, is Sy belofte dat hy spoedig daarna vir die verlostes sal terugkeer.

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. – Openbaring 22:11-12.

Elkeen van ons individueel maak jou klaar om jou God te ontmoet. – Amos 4:12. Hoe maak ons klaar? Deur geloof: En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. – Heb. 11:6.

Deur bekering: Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. – Lukas 13:3.

Deur gehoorsaamheid: Nie elkeen wat vir my sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. – Matt. 7:21.

Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. – Openb. 22:14.

Deur vir Christus te werk: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. – Matt. 28:19-20.

Om dit anders te stel, wy jou ernstig elke môre opnuut aan God toe en, in 'n gees van gebed, open en bestudeer Sy geïnspireerde Skrifte. Soos jy deur die dag gaan, wandel naby aan Christus se sy, bid soos jy voortgaan en gehoorsaam Sy Morele Kode. [Tien Gebooie] Stuur herhaaldelik gebede van dankbaarheid en versoeke vir leiding op. Wanneer in twyfel wat om volgende

te doen, doen die volgende: Deel die boodskappe van waarheid wat jy geleer het. Hê kameraadskap met God se volk. Op Vrydae, berei voor vir die Sabbat en onderhou die Bybelse Sabbat [Saterdag] heilig.

Verseker is dit nou die dag van redding; hierdie is die tyd, terwyl genadetyd talm, om Christus te aanvaar, want Hy is steeds met Sy bediening in die hemelse Heiligdom ter wille van ons besig.

"Vyf bloeiende wonde het Hy gedra, op Golgota ontvang; hulle stort kragtige gebede uit, hulle spreek kragtig vir my: 'Vergewe hom, O, vergewe!' roep hulle, laat ook nie die berouvolle sondaar sterf nie." - Charles Wesley.

Bo in die oordeelshof in die hemel, sal Christus jou saak bepleit as jy Hom toelaat. Maar daardie hof nader die einde van die groot lêer met name. **Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.** - Heb. 3:15.

Laat ons ons geloof in daardie hemelse Heiligdom anker, voordat ons Hoëpriester Sy bemiddeling beëindig en uitkom en voor die sewe engele afkom met die Sewe Laaste Plae.

Die volgende groot gebeurtenis na die val van die plae is die Tweede Koms van Christus in die wolke van die hemel en roep Sy slapende gelowiges uit hulle grafte en voer die lewende regverdiges ten hemel, sodat hulle Hom in die lug kan ontmoet (1 Kor. 15:51-57; 2 Thes. 4:16-17). Hy sal hulle dan na die hemel vir 'n duisend jaar neem waar hulle oor die sake van die goddeloses sal besluit (Openb. 20:4; 1 Kor. 6:2-3).

Daarna sal Christus, Sy getroues en die Heilige Stad na die aarde terugkeer (Openb. 21:2). Die goddelose oorledenes sal opgewek word en sal in slagordes opgestel word in 'n poging om die getroues in die Heilige Stad te vernietig (Openb. 20:7-9).

Wanneer dit gebeur het, sal elkeen in die heelal ten volle verstaan dat God goed is en die duiwel en sy engele en sy volgelingen ongeneesbaar goddeloos is. So sal al die goddeloses in die poel van vuur, wat die oppervlakte van die aarde bedek, vernietig word. Wanneer dit geëindig het, sal die goddeloses

totaal uitgewis - verwoes - vir ewig wees (Maleági 4:1-3; Psalm 37:20, 37-38; 73:17-19; 45:20). Dan sal God 'n nuwe aarde skep (Openb. 21:1; Psalm 37: 37-38), wat geheel en al soos die Tuin van Eden sal wees vir Sy volk om vir ewig te geniet.

Let op dat dit op die oppervlakte van die aarde is dat die goddeloses verbrand en vernietig word. Dan daarna vuur, vir 'n kort rukkie, as dit uitgebrand is, sal die regverdiges die oppervlakte van die aarde, wat God nuut sal maak, as hulle ewige tuiste in besit neem. So as die goddeloses vir ewig sou brand, kan die regverdiges nie die aarde in besit neem nie! Hier is verskeie Skrifgedeeltes wat vir ons sê dat die goddeloses uitgewis sal wees voordat die verlostes die aarde kan in besit neem:

Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertrou in die Here stel, sal in besit bly van die land. Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie. Dié wat nou verdruk word, sal die land besit en hulle verlustig in hulle welvaart. - Ps. 37:9-11.

Die dag kom en hy brand soos 'n oond. Dié wat teen God in opstand is, almal wat verkeerd doen, sal die kaf wees en hulle sal verbrand word deur die dag wat kom, sê die Here die Almagtige. Daar sal van hulle nie 'n wortel, nie 'n tak oorbly nie. Maar vir julle wat eerbied het vir My Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers. Julle sal die goddeloses vertrap dat hulle soos stof onder julle voete word die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige. - Maleági 4:1-3.

Die ewige lewe vir altyd op die nuutgemaakte aarde! Ek en jy kan dit beërwe as ons getrou aan ons Skepper bly! Om met Christus en heilige wesens te lewe; hoe glorieryk sal dit nie wees nie!

God se getroue kinders sal binnekort 'n **koninkryk van alle eeue** (Psalm 145:13) erf en, met onsterflike liggame (1 Kor. 15:53), die "ewige lewe" hê (Rom. 6:22; Gal. 6:8).

En dit is die belofte wat Hy ons beloof het, naamlik die ewige lewe. - 1 Joh. 2:25.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. - Joh. 3:16.

En dit is die getuigenis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. - 1 Johannes 5:11.

En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. - Joh. 10:28.

O, die pragtige heuwels waar die gelowiges sal rus, wanneer die Here alles nuut gemaak het. Waar ons in die glimlagte van God die geswoeg waardeur ons gereis het, sal vergeet. Ons kan ons geensins voorstel hoe wonderlik hierdie nuwe aarde sal wees nie.

Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. - 2 Kor. 2:9.

Diegene wat aan God getrou sal bly, ten spyte van die moeilikhede op aarde, sal elke moontlike, goeie ding in die hemel ontvang.

Want die Here God is 'n son en skild; die Here sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie. - Ps. 84:12.

Dit sal 'n plek van totale geluk vir almal wees. Die ootmoediges, daarenteen, sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede. - Ps. 37:11.

U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig. - Ps. 16:11.

Selfs die diere sal rustig en tevrede wees. Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die Here. - Jesaja 65:25.

Rustige lewe op die platteland sal ons erfdeel wees. Dit sal tuinbou, wat 'n bron van groot gelukigheid vir die verlostes sal wees, insluit.

Dan sal mense huise bou en self daarin woon, hulle sal wingerde plant en self die druiwe eet. Hulle sal nie huise bou waarin ander sal woon nie, hulle sal nie wingerde plant waarvan ander die druiwe sal eet nie. My volk sal so oud word soos 'n boom. Dié wat ek uitverkies het, sal self die vrug van hulle handewerk geniet. Hulle sal hulle nie tevergeefs vermoei nie, hulle sal nie kinders hê vir wie daar rampe wag nie, want hulle sal 'n volk wees wat deur die Here geseën word, hulle en hulle afstammelinge. Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor.” - Jes. 65:21-24.

Elke Sabbatdag sal die verlostes vergader om die Skepper te aanbid. **Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in my diens sal staan, sê die Here, so sal julle nageslag en julle roem in My diens staan. Elke nuwemaansfees en elke Sabbat sal al wat leef voor My in aanbidding kom buig, sê die Here.** - Jes. 66:22-23.

Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydschap, hulle sal vol vreugde en blydschap wees; ellende en smart sal verdwyn. - Jes. 35:10.

Eden was 'n hemel in miniatuur. Dit is wat ons op die nuutgemaakte aarde sal vind! Ons mag dit nie waag om dit te mis nie! Dit is ons besluite en ons dade nou wat bepaal wat ons toekoms sal wees.

O, my vriend, ons moet daar wees! God wil ons daar hê! Al die engele van die hemel wil ons daar hê! Dit is 'n individuele keuse. As jy dit nie alreeds gedoen het nie, neem daardie besluit nou - en, in die krag van Christus en die Heilige Gees, bly standvastig tot die einde.

My Toewyding

O, Vader, ek moet daar wees! Ek mag niks toelaat om tussen my siel en my Redder te kom nie! Ek gee nou alles aan U! Neem my, hou my vas, lei my in die dae vorentoe. Help my om gehoorsaam aan U Woord te bly en om op die pad, wat na die nuutgemaakte aarde lei, te bly! In Jesus se Naam vra ek hierdie ernstige versoek. Ek gee U alles; Ek gee U alles, net hier. Amen.

Vance Ferrell: *The Bible Guide. A Fascinating Journey Through Bible Truth*, pp. 143-163.

‘n DETAIL OPEENVOLGING VAN GEBEURE WAT TOT DIE LAAT REËN LEI

In die laaste werk vir die waarskuwing van die wêreld sal twee onmiskenbare uitnodigings aan die kerke gerig word. Die tweede engel se boodskap is: **Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.** - Openb. 14:8. En in die harde wekroep van die derde engel se boodskap word 'n stem gehoor wat sê: **Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel en God het haar ongeregtighede onthou.** - Openb. 18:4-5.

Voor hierdie tyd is diegene wat die waarhede van die derde engel se boodskap verkondig het, dikwels beskou as blote alarmmakers. Hulle voorspellings dat godsdienstige onverdraagsaamheid weer die oorhand in die Verenigde State sal kry, en dat Kerk en Staat sal verenig om diegene te vervolg wat die gebooi van God bewaar, is bestempel as belaglik en sonder enige gronde. Maar namate verpligte Sondagviering wyd en syd bespreek word, sal ons die saak wat so lank betwyfel is, sien naderkom en die derde engel se boodskap sal 'n uitwerking hê wat dit nie voorheen kon gehad het nie. Wanneer die tyd aanbreek om dit [die derde engel se boodskap] met die grootste krag te verkondig, sal die Here deur eenvoudige werktuie werk en diegene wat hulle harte aan Hom toegewy het, sal Hy in Sy diens lei. Manne van geloof en gebed sal gedring word om met heilige ywer uit te gaan

en die woorde wat God aan hulle gee, te verkondig. Die sondes van Babilon sal geopenbaar word. Die vreeslike gevolge wat daar sal wees wanneer die gebruike van die kerk deur die burgerlike gesag verpligtend gemaak word, die opkoms van spiritisme, die ongemerkte, maar vinnige vooruitgang van die pouslike mag – alles sal aan die kaak gestel word. Deur hierdie ernstige waarskuwings sal mense wakker geskud word. Duisende en duisende wat nog nooit woorde soos hierdie gehoor het nie, sal luister. Met verbasing sal hulle hoor dat Babilon die kerk is wat geval het weens haar dwalings en sonde, omdat sy die waarheid wat aan haar uit die hemel gestuur is, verwerp het. Wanneer die mense na hulle vorige leraars gaan en gretig vra: "Is hierdie dinge so?", sal die predikante fabels verkondig en strelende dinge spreek om hulle vrees weg te neem en hulle geprikkelde gewete stil te maak. Maar omdat baie nie tevrede sal wees met blote menslike gesag nie en sal aandring op 'n duidelike "Wat sê die Here," sal die predikante woedend word, omdat hulle gesag in twyfel getrek is. Hulle sal die boodskap uitskel as die boodskap van Satan en hulle sal die massas wat die sonde liefhet, aanhits om diegene, wat die boodskap verkondig, te belaster en te vervolg.

Namate die stryd na nuwe velde uitbrei en die aandag van mense op God se vertrapte wet gevestig word, word Satan baie bedrywig. Die krag waarmee die verkondiging van die boodskap gepaardgaan, sal diegene wat dit weerstaan, woedend maak. Die geestelikes sal byna bomenslike pogings aanwend om die lig uit te sluit, sodat dit nie op hulle gemeentes skyn nie. Met alle middele tot hulle beskikking sal hulle probeer om die bespreking van hierdie allerbelangrikste vraagstukke te onderdruk. Die kerk sal hom op die sterk arm van die burgerlike owerheid beroep en in hierdie saak sal Katolieke en Protestante verenig. Namate die beweging vir verpligte Sondagviering stoutmoediger en beslister word, sal die wet teen die bewaarders van die gebooe ingeroep word. Hulle sal gedreig word met boete en tronkstraf, sommige sal verantwoordelike betrekkings aangebied word en ander sal belonings en ander voordele ontvang om hulle te beweeg om hulle geloof te versak. Diegene wat voor die howe gebring word, sal die waarheid sterk verdedig en sommige wat hulle hoor, sal gelei word om ook vir al die gebooe van God op te staan. Op hierdie manier sal die lig aan duisende gebring word wat andersins niks van hierdie waarhede sou geweet het nie.

Nougesette gehoorsaamheid aan God se Woord sal beskou word as rebellie. Verblind deur Satan, sal ouers kras en wreed teenoor hul gelowige kinders optree; huisheer of huisvrou sal hul bediendes wat die gebooie bewaar, verdruk. Liefde sal verkoel; kinders sal onturf en uit die huis gejaag word. Sommige van die verdedigers van die waarheid wat weier om die Sondag-sabbat te vereer, sal in die tronk gestop word, sommige sal verban word en ander sal soos slawe behandel word.

Namate die storm nader, sal 'n groot aantal van diegene wat voorgegee het om in die derde engel se boodskap te glo, maar wat nie geheilig is deur gehoorsaamheid aan die waarheid nie, hulle geloof prysgee en by die geleedere van die teenstander aansluit. Deur met die wêreld te verenig en met sy gees besiel te word, sal hulle sake net soos die wêreldlinge beskou en wanneer die toets kom, sal hulle gereed wees om die maklike, populêre kant te kies. Talentvolle en innemende mense wat hulle eenmaal in die waarheid verbly het, sal hulle kragte gebruik om siele te bedrieg en te mislei. Hulle sal die bitterste vyande van hul gewese broeders word. Wanneer Sabbathouers oor hulle geloof voor die howe gebring word, sal hierdie afvalliges die beste werktuie van Satan wees om hulle te beskuldig en vals voor te stel; hulle sal deur valse getuienis en beskuldigings die owerheid teen eersgenoemdes aanhits.

[In die groot sluitingswerk sal ons met verwarrings te doen kry wat ons nie sal weet hoe om te hanteer nie, maar laat ons nie vergeet nie dat die drie groot magte van die hemel aan die werk is, dat 'n goddelike hand aan die stuurwiel is en dat God Sy beloftes sal uitvoer. – *Testimonies vol. 8, 254.*]

In hierdie tyd van vervolging sal die geloof van God se diensknegte op die proef gestel word. Getrou het hulle die waarskuwing gegee en na God en Sy Woord alleen opgesien. God se Gees wat in hulle harte gewerk het, het hulle gedwing om te spreek. Besiel met heilige ywer en sterk onder Goddelike invloed, het hulle hul pligte aanvaar sonder om te dink aan die gevolge wat daar sou ontstaan as hulle tot die mense die woord wat God aan hulle gegee het, spreek. Hulle het nie gedink aan hulle tydelike belange of daarna gesoek om hulle reputasie en lewens te beveilig nie. En nogtans, wanneer

die storm van teenstand teen hulle losbars, sal sommige, oorweldig deur vrees, gereed wees om uit te roep: "As ons vooraf die gevolge van ons woorde kon geweet het, sou ons stilgebly het." Aan alle kante is hulle omring deur moeilikhede. Satan val hulle aan met heftige versoekings. Dit lyk vir hulle of die werk wat hulle gekies het te moeilik is. Hulle word met die dood gedreig. Die geesdrif wat hulle besiel het, verdwyn; maar hulle kan nie teruggaan nie. En dan, onder 'n besef van hulle magteloosheid, neem hulle hul toevlug tot die Almagtige om krag.* [*Die Here sal tussenbeide tree wanneer..... niemand behalwe 'n goddelike mag die sataniese magte wat aan die werk is, kan teenstaan nie. Wanneer Sy volk in die grootste gevaar sal wees, skynbaar nie in staat om teen die mag van Satan staande te bly nie, sal God in hulle belang optree. - *Selected Messages*, vol. 2, p. 373.]

Namate die teenstand heftiger word, is die diensknegte van God meer verbyster, want dit skyn vir hulle asof hulle die krisis laat ontstaan het. Maar hulle gewete en die Woord van God verseker hulle dat hulle die regte weg ingeslaan het; en ofskoon die beproewings voortduur, ontvang hulle krag om dit te verdra. Die stryd word swaarder, hewiger, maar hulle ontvang geloof en moed namate die nood hoër styg.* [*Wanneer die storm van vervolging regtig oor ons losbars, sal die getroue skape die ware Herder se stem hoor. Selfverloënende pogings sal aangewend word om die verlore nes te red en baie wat van die kudde weggedwaal het, sal terugkom om die groot Herder te volg. - *Testimonies*, vol. 6, p. 401.]

Die engel wat help met die verkondiging van die derde engel se boodskap, sal die hele wêreld met sy heerlikheid verlig.* [*Die werk van hierdie engel kom op die regte tyd en sluit aan in die laaste, groot werk van die derde engel se boodskap soos dit tot 'n harde wekroep aangroei. Hierdie engel se boodskap is nie die harde wekroep nie, maar eerder die krag waarmee hy van die hemel neerdaal en die harde wekroep van die derde engel se boodskap versterk. Dit is hoekom *Early Writings*, 277, sê dat die boodskap van die engel van Openbaring 18 "blykbaar 'n toevoeging tot die derde engel se boodskap is. - *Spiritual Gifts*, vol. 1, p. 194.]

Wanneer goddelike krag met menslike pogings verenig, sal die werk soos vuur in strooi versprei. Engele..... sal gestuur word om die magtige engel van

die hemel by te staan..... en stemme sal gehoor word wat skynbaar oral weerklink: **"Gaan uit haar (mistieke Babilon) uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie."** (Openb. 18:4). Diegene wat nie deur hulle rede sataniese misleidings kan oorwin nie, sal 'n bevestigende getuienis voortbring wat sogenaamde geleerde mans sal dronkslaan. Woorde sal met sulke oortuigende krag en wysheid van die lippe van die ongeleerdes kom, dat bekerings tot die waarheid sal plaasvind. Duisende sal onder hulle getuienis bekeer word. Hier word daar 'n werk met ongekenende krag voorspel..... Die werk sal gelyk wees aan dié wat op Pinksterdag gedoen was. Die "vroeë reën" is tydens die uitstorting van die Heilige Gees aan die begin van die evangelie gegee om die kosbare saad te laat ontkiem. Net so sal die "laat reën" aan die einde gegee word om die oes ryp te maak. God sal middele gebruik waarvan die mens nie die oorsprong van sal weet nie; engele sal 'n werk doen wat vir mense 'n seën kon gewees het as hulle dit sou voltooi het en as hulle nie nagelaat het om aan die eise van God te voldoen nie. - *Great Controversy*, 605-611.

Namate die lidmate van Christus se Kerk die tydperk van hulle finale stryd nader, sal hulle in Hom geestelik volwasse wees en sal goed gebalanseerde karakters besit. Namate die boodskap van die derde engel tot 'n harde roepstem aangroei, sal groot krag en heerlikheid die sluitingswerk vergesel. Dit is die laat reën wat die volk van God met nuwe moed besiel en versterk om deur die tyd van Jakob se benoudheid, waarna die profete verwys het, te gaan. Die heerlikheid van daardie lig wat die derde engel vergesel, sal deur hulle weerkaats word. God sal Sy volk deur daardie tyd van gevaar bewaar. - *Science of the Times*, 27 Nov. 1879.

Die groot werk van die evangelie sal nie afgesluit word met 'n geringer openbaring van die krag van God as by sy aanvang nie. Die profesieë wat vervul is in die uitstorting van die vroeë reën tydens die begin van die evangelie, sal weer in die laat reën aan die einde vervul word. Hier het ons die **tye van verkwikking** waarna Petrus uitgesien het toe hy gesê het: **Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus.** - Hand. 3: 19,20.

Diensknegte van God, met hulle gesigte stralende van heilige toewyding, sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap van die hemel te verkondig. Deur duisende stemme oor die aarde sal die waarskuwing gegee word. Wonderwerke sal verrig word, siekes sal genees word en daar sal tekens en wonders wees. Satan sal ook werk met wonders van die leuen, en hy sal selfs vuur uit die hemel voor die oë van die mense laat neerdaal. (Openb. 13:13.) Op hierdie manier sal die bewoners van die aarde gedwing word om kant te kies.

Die boodskap sal verkondig word, nie soseer deur argumente nie, as deur 'n diepe oortuiging van die Gees van God. Die argumente is reeds aangevoer. Die saad is gesaai en nou sal dit opkom en 'n oes oplewer. Die leesstof wat deur sendingwerkers versprei is, het hulle invloed laat geld, maar baie wat onder die indruk daarvan gekom het, is belet om die waarheid ten volle te verstaan en te gehoorsaam. Nou sal ligstrale orals deurdring en die waarheid sal in sy helderheid gesien word. Die opregte kinders van God sal die bande wat hulle vashou, verbreek. Familiebetrekkinge en kerklike bande is nou magteloos om hulle vas te hou. Die waarheid is vir hulle dierbaarder as alle ander dinge. - *Great Controversy*, 611,612.

Die triomf van die harde wekroep van die derde engel

Deur die wonderbaarlikste werkinge van goddelike voorsiening, sal berge van hindernisse verwyder word. Die boodskap wat so baie vir die bewoners van die aarde beteken, sal gehoor en verstaan word. Mense sal weet wat waarheid is. Voorwaarts en steeds voorwaarts, sal die werk vorder, totdat die hele wêreld gewaarsku sal wees. En dan sal die einde kom. - *Review and Herald*, 22 Nov. 1906.

Ek was terugverwys na die tyd toe die derde engel se boodskap aan die sluit was. Die krag van God het op Sy volk gerus. Hulle het hulle werk afgehandel en was voorbereid op die beproewingstyd voor hulle. Hulle het die laat reën of verfrissing van die aangesig van die Here ontvang. Die laaste, groot waarskuwing het oral weerklink en dit het die bewoners van die aarde wat

nie die boodskap sou aanneem nie, aangehits en woedend gemaak. - 1 *Spiritual Gifts*, vol. 1, p. 197.

Manne en vroue..... sal so vervul deur die Gees van God wees dat hulle van land tot land, van stad na stad sal gaan om die boodskap van waarheid te verkondig. - *The Upward Look*, p. 16.

Baie..... deur die Gees van God gedwonge, sal kruis en dwars haas om die lig aan andere te bring. Die waarheid, die Woord van God, is soos 'n vuur in hulle gebeente, en vul hulle met 'n brandende begeerte om diegene wat in duisternis sit, in te lig. Baie, selfs onder die ongeletterdes, verkondig nou die woorde van die Here. Kinders word deur die Gees aangespoor om uit te gaan en die boodskap van die hemel te verkondig. Die Gees is op almal wat aan Sy aansporings toegee, uitgestort, en met al die mens se slim planne, sy bindende reëls en versigtige metodes afgegooi, sal hulle die waarheid met die vermoë van die Gees se krag, verkondig. Menigtes sal die geloof aanneem en by die leërs van die Here aansluit. - *Review and Herald*, 23 Julie 1895.

Diegene wat hulle vertrou van die begin tot die einde stewig vasgehou het, sal wawydwakker wees gedurende die tyd wat die derde engel se boodskap met groot krag verkondig word. Gedurende die harde roepstem, sal die Kerk, bygestaan deur die tydigse tussenkoms van haar verheerlikte Here, die kennis van verlossing so ruimskoots versprei dat die lig aan elke stad en dorp bekendgemaak sal word. Die aarde sal met die kennis van verlossing gevul wees. So ryklik sal die vernuwende Gees van God die vurig-aktiewe werktuie met sukses bekroon hê, dat die lig van die waarheid vir ons tyd orals oor skitterende gesien word. - *Review and Herald*, 13 Okt. 1904.

Ten spyte van die magte wat teen die waarheid verenig is, sal 'n groot getal hulle aan die kant van die Here skaar. - *Great Controversy*, 612.

Donald Mansell: *Die Omvang van die Komende Krisis*, pp. 144-151.

DIE LAAT REËN KOM

Dit gaan in hierdie artikel oor die laat reën en die skudding wat sal plaasvind. In Joël 2:21-23 lees ons: *Wees nie bevrees nie, o aarde, juig en wees bly, want die Here doen groot dingel! En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God. Hy laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns.*

In Joël 2:28,29 lees ons: *En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet.*

Die Heilige Gees val op elke mens. Die seën is nie vir slegs 'n spesiale groep gereserveer nie. Dit is nie slegs vir geordende leraars gereserveer nie. Dit word op elkeen uitgestort wat hom/haar aan die krag van die Heilige Gees onderwerp.

Wanneer sal die laat reën kom? Die Here is nou besig om Sy kerk voor te berei deur herlewing en hervorming, deur uitdagings en beproewings wat ons ondervind. Om iets bemoedigends te lees oor hoe God ons sal deurdra, lees *Prophets and Kings*, Hoofstuk 13.

Die vroeë reën het op Pinksterdag in 31n.C. gekom. Die dissipels het hulle harte in berou verootmoedig. Hulle het ernstig gebid en alle verskille opsy gesit. Hoe belangrik is dit, soos ons die laat reëns in die gesig staar, om dieselfde te doen. Die vroeë reën het die krag van God in eenheid en die verkondiging van die boodskap aan die wêreld verkondig.

In *Die Handeling van die Apostels* lees ons: "Die strewe van die gelowiges was om die karakter van Christus soveel as moontlik te openbaar en te werk om Sy koninkryk uit te brei (p.48). So is dit met die laat reëns. God vra ons - deur Sy krag - om die ewebeeld van Christus te openbaar en om vir die uitbreiding van Sy koninkryk te werk.

‘n Spesiale skenking van Genade

Soos ons die sluiting van die aarde se oes nader, is 'n spesiale skenking van geestelike genade – die laat reëns – belowe om die kerk vir die koms van Jesus voor te berei. Ons is op die punt om dit te sien. Maar ander dinge moet voor die tyd gebeur.

“Teen daardie tyd sal die 'laat reëns' of **verkwikking van die aangesig van die Here**, Hand. 3:19, kom om krag te verleen aan die harde wekroep van die derde engel en om die heiliges voor te berei om staande te bly in die tyd wanneer die sewe laaste plaë uitgegiet word.” – *Early Writings*, , p. 86.

Maar voor dit gebeur, sal die skudding plaasvind. Ons is nie heeltemal seker wat die skudding sal wees nie, maar dit sal kom. Mense sal deur vreemde of snaakse geloofsoortuigings of opvattinge en onbybelse idees en beginsels, selfs binne die Sewendedag Adventiste Kerk, bekoor word.

Gedurende 2017, die 500ste herdenking van die Protestantse Hervorming, laat ons naby aan die Heilige Woord – God se kosbare instruksie vir ons, bly. Sommige Adventiste is mislei deur te dink dat jy dit nie regtig nodig het om baie van die Bybel of sy leerstellings te weet nie. Hê slegs 'n emosionele verbinding met Jesus.

Die skudding sal kom, *maar nie deur iets wat jy en ek doen nie!* Dit kom slegs deur die krag van die Heilige Gees en deur die verkondiging van die eerlike, suiwer en onverdunde boodskap van Bybel-waarhede. Soos ons weet: “Dit mag lyk of die kerk op die punt is om te val, maar sy val nie. Sy bly staan, terwyl die sondaars in Sion uitgesif sal word – die kaf van die kosbare koring geskei. Hierdie is 'n verskriklike beproewing, maar dit moet nogtans plaasvind.” – *Selected Messages*, boek 2, p. 380. Sal ons deel wees van hulle wat die kerk verlaat? Ek hoop dit sal nie gebeur nie. Deur God se genade, bly naby aan Sy Woord.

‘n Storm is in aantog

Ons word gewaarsku dat "soos die storm nader kom, sal 'n groot groep wat geloof in die derde engel se boodskap bely het, maar wat nie geheilig was deur gehoorsaamheid aan die waarheid nie, hulle posisie verlaat en by die geleedere van die opposisie aansluit." - *The Great Controversy*, p. 608. Dit is hoekom ons herlewing en hervorming in ons eie lewe nodig het deur naby aan Jesus te bly.

"Voor die finale beproewing van God se oordeel op die aarde, sal daar onder die volk van God so 'n herlewing van oorspronklike godvresendheid wees wat nie sedert apostoliese tye aanskou was nie." - *The Great Controversy*, p.464. Kan jy jou voorstel hoe dit sal wees? Die Gees en krag van God sal op Sy kinders uitgestort word.

Laat ons ons voor God verootmoedig. Laat ons twis, onenigheid, selfsugtigheid en vasklou aan jou eie opinie en koppigheid opsysit. Laat ons voor God neerval en vergifnis vir eiewysheid vra. Laat ons die nederige karakter van Christus aanvaar.

Daar is aan ons belowe: "Laat Christene alle onenigheid opsysit en hulself aan God oorgee vir die redding van die verlorene. Laat hulle in geloof vir die belofde seën vra en dit sal kom." - *Testimonies for the Church*, vol. 8, p. 21.

- Sal ons ware herlewing en hervorming hê? Ja.
- Sal God se volk hulself verootmoedig en die eie-ek opgee? Ja.
- Sal die skudding kom? Ja.
- Sal die kerk rotsvas staan, alhoewel dit lyk of sy gaan val? Ja.
- Sal die derde engel en die vierde engel van Openbaring se boodskappe met krag verkondig word? Ja.
- Sal God se volk in hierdie boodskappe verenig wees? Ja.
- Sal die laat reëns val? Ja.
- Sal dit alles die gevolg wees van God se Heilige Gees wat op alle vlees uitgestort word? Ja.
- Sal Jesus binnekort kom? 'n Weergalmende JA!

Deur herlewing en hervorming, deur die krag van die Heilige Gees, deur Totale Lidmaat Betrokkenheid, deur God se krag alleen, laat ons daarvan deel wees!

Soos Joël sê, God het en Hy sal groot dinge doen.

Ler. Ted Wilson: *Adventist World*, Junie 2017.

DIE LAAT REËN

Die laat reën sal kom en die Gees van God sal elke siel vul wat van alle besoedeling gereinig is. Dit is ons werk, vandag, om ons siele aan God oor te gee, sodat ons geskik gemaak kan word vir **die tyd van verkwikking van die teenwoordigheid van die Here**, Hand. 3:19, geskik vir die doop met die Heilige Gees. - *Selected Messages*, vol. 1, p. 191.

Ons moet ons nie omtrent die laat reën bekommer nie. Al wat ons te doen staan, is om die kruik skoon te hou en die regte kant boontoe en voorbereid te wees vir die ontvang van die hemelse reën en aanhou bid: "Laat die reën in my kruik val. Laat die lig van die glansryke engel, wat met die derde engel verenig, op my skyn. Gee my 'n deel aan die werk; laat ek die aankondiging uitbasuin; laat ek 'n medearbeider met Christus wees." Deur God so te soek, laat ek vir julle sê, is Hy die hele tyd besig om julle toe te rus, gee Hy julle Sy genade. - *The upward look*, p. 283.

Slegs diegene wat in ooreenstemming met die lig wat hulle ontvang het, leef sal groter lig ontvang. Tensy ons daaglik vordering maak in die voorbeeld van die aktiewe Christelike deugde, sal ons nie die openbaarmaking van die Heilige Gees in die laat reën herken nie. Dit mag op harte oral rondom ons val, maar ons sal dit nie onderskei of ontvang nie. - *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*, p. 507.

Diegene wat geen besliste poging aanwend nie, maar eenvoudig net wag vir die Heilige Gees om hulle tot aksie aan te spoor, sal in die duisternis sterf.

Jy is nie veronderstel om stil te sit en niks vir die werk van God te doen nie.
 - *Christian Service*, p. 228.

LIED 208

Bly jou anker vas in die lewenstorm
 as die wolke swart in die blou lug vorm?
 As die vloedgety elke kabel rek,
 sal jou anker sleep of vaster trek?

Refrein:

Ons het 'n anker wat vas sal staan,
 selfs as die stormwinde oor ons gaan!
 Stewig op die vaste Rots gegrond –
 ewig in Sy liefde en vree-verbond.

As die Heiland my vasgeanker het,
 sal ek veilig skuil in die aanlêplek.
 Want die kabel strek van Sy hart na my –
 dis deur God gesterk teen die gety.

Priscilla Owens

